



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY  
jou kennisvenoot • your knowledge partner

## Fakulteit **Ingenieurswese**

Dekaan:

**Prof JH Knoetze**

BIng, PhD (Ing) (Stell), GSAAI



JAARBOEK 2015  
DEEL II



## **Wysigings, Aanspreeklikheid en Akkuraatheid**

In hierdie publikasie sluit woorde wat die manlike geslag aandui die vroulike geslag in, tensy die samehang van die woorde uitdruklik daarmee strydig is of die teendeel aandui.

Die Universiteit behou hom die reg voor om te eniger tyd wysigings aan die Jaarboekdele aan te bring.

Die Raad en die Senaat van die Universiteit aanvaar geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat in die inhoud van Jaarboekdele mag voorkom nie.

Alle redelike sorg is egter gedra om te verseker dat die Jaarboekdele die tersaaklike inligting wat met die ter perse gaan beskikbaar was, akkuraat en volledig weergee.

## **Waar vind ek die gedrukte weergawes van die Jaarboekdele?**

Die gedrukte weergawes van die Jaarboekdele kan by die Hulptoonbank in die Admin A-gebou verkry word.

Afrikaanse (Deel 1 tot 12) en Engelse kopieë van die afsonderlike dele is beskikbaar.

## **Waar vind ek die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele?**

Die elektroniese weergawe van die Jaarboekdele is by [www.sun.ac.za/jaarboek](http://www.sun.ac.za/jaarboek) beskikbaar.

## **Die verdeling van die Jaarboek**

Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.

Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Studente word versoek om hulle veral te vergewis van al die bepalings in Deel 1 van die Jaarboek wat op hulle van toepassing is.

Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die fakulteitsjaarboekdele.

Deel	Jaarboek
Deel 1	Algemeen
Deel 2	Beurse en Lenings
Deel 3	Studentegelde
Deel 4	Lettere en Sosiale Wetenskappe
Deel 5	Natuurwetenskappe
Deel 6	Opvoedkunde
Deel 7	AgriWetenskappe
Deel 8	Regsgeleerdheid
Deel 9	Teologie
Deel 10	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Deel 11	Ingenieurswese
Deel 12	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Deel 13	Krygskunde

# Inhoudsopgawe

<b>Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik.....</b>	<b>iv</b>
<b>1 Algemene Inligting.....</b>	<b>1</b>
<b>1.1 Hoe om met die Universiteit te kommunikeer.....</b>	<b>1</b>
1.1.1 Gebruik van studentenommer.....	1
1.1.2 Kontakinligting.....	1
<b>1.2 Taalbeleid en -plan.....</b>	<b>3</b>
1.2.1 Universiteitswyd.....	3
1.2.2 Fakulteit Ingenieurswese.....	3
<b>1.3 Die Ingenieursprofessie.....</b>	<b>3</b>
1.3.1 Die Professionele Ingenieur se rol.....	3
1.3.2 Definisie van ingenieur.....	4
1.3.3 Gedragskode vir Professionele Ingenieurs.....	4
1.3.4 Registrasie as Professionele Ingenieur.....	5
1.3.5 Internasionale erkenning.....	5
<b>1.4 Die Fakulteit.....</b>	<b>5</b>
1.4.1 Geskiedenis.....	5
1.4.2 Ingenieurswese-gebouekompleks.....	6
1.4.3 Fakulteit Ingenieurswese Rekenaargebruikersarea (FIRGA).....	7
1.4.4 Skolesentrum.....	7
<b>1.5 Departemente en ingenieursdissiplines.....</b>	<b>8</b>
1.5.1 Departement Bedryfsingenieurswese.....	8
1.5.2 Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.....	9
1.5.3 Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese.....	9
1.5.4 Departement Prosesingenieurswese.....	9
1.5.5 Departement Siviele Ingenieurswese.....	10
<b>1.6 Reëls van die Fakulteit.....</b>	<b>10</b>
1.6.1 Eksamen- en promosiebepalings.....	10
1.6.2 Verskoning van assesserings.....	10
1.6.3 Vertoë ten opsigte van toetspunte en klaspunte.....	11
1.6.4 Werk gedurende vakansies.....	11
1.6.5 IT-infrastruktuur.....	11
<b>1.7 Toekennings en pryse.....</b>	<b>12</b>
1.7.1 Fakulteitswyd.....	12
1.7.2 Bedryfsingenieurswese.....	13
1.7.3 Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.....	14
1.7.4 Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese.....	14
1.7.5 Prosesingenieurswese (Chemiese Ingenieurswese en Mineraalprosessering).....	15
1.7.6 Siviele Ingenieurswese.....	16
<b>2 Voorgraadse Programme.....</b>	<b>18</b>
<b>2.1 Kwalifikasies en rigtings.....</b>	<b>18</b>

<b>2.2</b>	<b>ECSA-Akkreditasie</b> .....	<b>18</b>
<b>2.3</b>	<b>Voorgraadse-inskrywingsbestuur</b> .....	<b>18</b>
<b>2.4</b>	<b>Toegang tot BIng-programme vir nuwelingsstudente</b> .....	<b>19</b>
2.4.1	Prosedure om vir toelating oorweeg te word .....	19
2.4.2	Toelatingsvereistes vir BIng (4jr) .....	19
2.4.3	Toelatingsvereistes vir BIng (VGP).....	20
2.4.4	Keuringsproses vir BIng (4jr).....	20
2.4.5	Keuringsproses vir BIng (VGP).....	21
<b>2.5</b>	<b>Toegang tot BIng-programme vanaf ander programme, ander universiteite of ander vorige leer</b> .....	<b>21</b>
2.5.1	Prosedure vir erkenning van modules .....	21
2.5.2	Aanzoekers vanaf ander programme aan Universiteit Stellenbosch.....	22
2.5.3	Aanzoekers vanaf ander universiteite in Suid-Afrika .....	22
2.5.4	Aansluiting vanaf 'n technikon of universiteit van tegnologie.....	23
2.5.5	Aanzoekers van universiteite buite Suid-Afrika.....	25
2.5.6	Ander aanzoekers.....	25
<b>2.6</b>	<b>Verandering van studierigting</b> .....	<b>26</b>
<b>2.7</b>	<b>Hernuwing van inskrywing vir voorgraadse studente</b> .....	<b>26</b>
2.7.1	HEMIS-krediete.....	26
2.7.2	Na een studiejaar in 'n BIng (4jr) .....	27
2.7.3	Na twee of meer studiejaar in 'n BIng (4jr).....	27
2.7.4	Na een studiejaar in 'n BIng (VGP).....	27
2.7.5	Na twee of meer studiejaar 'n BIng (VGP).....	27
2.7.6	Na onderbreking van studie .....	28
2.7.7	Aansoek om hertoelating .....	28
<b>2.8</b>	<b>Toelating tot die studie in modules van 'n volgende jaargang</b> .....	<b>28</b>
<b>2.9</b>	<b>Verdere reëls</b> .....	<b>29</b>
2.9.1	Elektroniese sakrekenaars.....	29
2.9.2	Residensievereiste.....	29
2.9.3	Dekaansvergunningseksamens .....	29
2.9.4	Verbetering van prestasiepunt.....	29
<b>2.10</b>	<b>Simbole gebruik in tabelle vir Baccalaureusgraadprogramme</b> .....	<b>30</b>
<b>2.11</b>	<b>Kurrikulum van BIng (4jr) se eerste jaar</b> .....	<b>31</b>
<b>2.12</b>	<b>Kurrikulum van vierjarige BIng Bedryfsingenieurswese</b> .....	<b>31</b>
<b>2.13</b>	<b>Kurrikulum van vierjarige BIng Chemiese Ingenieurswese (ingesluit Mineraleprosessering)</b> .....	<b>33</b>
<b>2.14</b>	<b>Kurrikulum van vierjarige BIng Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese</b> .....	<b>35</b>
<b>2.15</b>	<b>Kurrikulum van vierjarige BIng Meganiese Ingenieurswese</b> .....	<b>38</b>
<b>2.16</b>	<b>Kurrikulum van vierjarige BIng Megatroniese Ingenieurswese</b> .....	<b>40</b>
<b>2.17</b>	<b>Kurrikulum van vierjarige BIng Siviele Ingenieurswese</b> .....	<b>42</b>
<b>2.18</b>	<b>Kurrikulum van BIng (VGP)</b> .....	<b>44</b>
<b>2.19</b>	<b>Oorgangsmatreëls</b> .....	<b>45</b>
<b>3</b>	<b>Nagraadse Programme</b> .....	<b>46</b>
<b>3.1</b>	<b>Kwalifikasies en rigtings</b> .....	<b>46</b>
<b>3.2</b>	<b>Die Nagraadse Diploma in die Ingenieurswese (NGDip (Ing))</b> .....	<b>48</b>
3.2.1	Toelating- en residensievereistes .....	48

3.2.2	Aansoek .....	48
3.2.3	Samestelling en aanbieding .....	48
3.2.4	Slaagvereistes .....	48
<b>3.3</b>	<b>Magistergrade.....</b>	<b>49</b>
3.3.1	Toelating- en residensievereistes .....	49
3.3.2	Aansoek .....	49
3.3.3	Aanbieding: alle magistergrade .....	49
3.3.4	Samestelling en aanbieding: MScIng en MIng (Navorsing) .....	49
3.3.5	Samestelling en aanbieding: MIng (Gestruktureerd) .....	50
3.3.6	Eksaminering en slaagvereistes .....	50
<b>3.4</b>	<b>Die PhD-graad .....</b>	<b>51</b>
3.4.1	Toelating- en residensievereistes .....	51
3.4.2	Aansoek en voortgesette toelating .....	51
3.4.3	Samestelling .....	51
3.4.4	Eksaminering en slaagvereistes .....	52
<b>3.5</b>	<b>Die DIng-graad .....</b>	<b>53</b>
3.5.1	Slaagvereistes .....	53
3.5.2	Eksaminering .....	53
<b>3.6</b>	<b>Omskakeling tussen nagraadse programme .....</b>	<b>53</b>
3.6.1	Van NGDip (Ing) na MIng .....	53
3.6.2	Van MIng na MScIng .....	54
3.6.3	Van MScIng en MIng (Navorsing) na PhD .....	54
<b>3.7</b>	<b>Verdere reëls vir nagraadse studente .....</b>	<b>54</b>
3.7.1	Nagraadse model vir die Fakulteit Ingenieurswese.....	54
3.7.2	Maksimum inskrywingstydperk.....	54
3.7.3	Voortgesette inskrywing tydens die maksimum inskrywingstydperk .....	54
<b>4</b>	<b>Voorgraadse Vakke, Modules en Module-inhoude.....</b>	<b>56</b>
4.1	Afkortings en nommeringstelsel.....	56
4.2	Bepaling van prestasiepunte .....	57
4.3	Module-inhoude.....	58
<b>Bylae A: Fakulteitswye Toekennings.....</b>		<b>108</b>
A.1	Kanseliersmedalje .....	108
A.2	Dekaanstoekening vir Uitmuntende Prestasie .....	108
A.3	ECSA-merietemalje.....	108
A.4	Ingenieurswese – Dosent van die Jaar .....	109
A.5	Ingenieurswese – Navorsers van die Jaar .....	110
A.6	Ingenieurswese – Opkomende Navorsers van die Jaar.....	110
A.7	Erelede van die Fakulteit Ingenieurswese .....	111
<b>Indeks van voorgraadse modules.....</b>		<b>112</b>

# Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik

## Lesers van die Jaarboekdeel

Die inligting in hierdie Jaarboekdeel is bedoel om deur die volgende groepe lesers gebruik te word:

- **Voornemende** voorgraadse en nagraadse studente wat inligting wil hê oor die studieprogramme wat die Fakulteit aanbied
- **Geregistreerde** voorgraadse en nagraadse studente van Universiteit Stellenbosch, wat inligting wil hê oor die kurrikulums (kombinasies van vakke en modules) wat vir bepaalde studieprogramme gevolg moet word, asook vir ander inligting wat op hulle studies betrekking het
- **Doserende, administratiewe en bestuurspersoneel van Universiteit Stellenbosch** wat op hoogte moet wees met die inligting hierin vervat om hul onderskeie funksies te vervul.

Enige persoon wat nie in een van die bogenoemde groepe is nie, maar wat hierdie Jaarboekdeel as inligtingsbron vir welke doel ook al wil gebruik, is uiteraard baie welkom om dit te doen.

## Hoe om inligting op te spoor

Hier volg riglyne van waar om inligting in die verskeie hoofstukke in hierdie Jaarboekdeel op te spoor. Raadpleeg die inhoudsopgawe om die bladsynommers van die hoofstukke, waarna hieronder verwys word, te vind.

### *Voornemende voorgraadse studente*

- Voorgraadse Programme-hoofstuk
  - Inligting oor voorgraadse studieprogramme wat aangebied word;
  - die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme; en
  - die vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keusemodules waar van toepassing.
- Voorgraadse Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk
  - 'n Verduideliking van die verskil tussen vakke en modules;
  - die taalspesifikasies van modules;
  - slaagvoorvereiste, voorvereiste en newevereiste modules; en
  - 'n verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van modules in die hoofstuk Voorgraadse Programme gebruik word.
- Algemene Inligting-hoofstuk
  - Inligting oor die Taalbeleid van die Universiteit en die Fakulteit;
  - inligting oor die proses van inskrywingsbestuur, wat neerkom op keuring vir toelating tot studieprogramme; en

- inligting oor kommunikasie met die Universiteit, wat ’n verduideliking van die begrip “studentenommer” insluit en relevante navraagpunte met kontak-besonderhede aandui.
- Indeks
  - ’n Indeks van voorgraadse vakke wat in studieprogramme van die Fakulteit gevolg kan word, is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

### *Voornemende nagraadse studente*

- Nagraadse Programme-hoofstuk
  - Inligting oor nagraadse studieprogramme wat aangebied word;
  - die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme;
  - inligting oor spesifieke sluitingsdatums vir aansoeke, en ander relevante inligting, byvoorbeeld keuring vir toelating.
- Algemene Inligting-hoofstuk
  - Inligting oor die Taalbeleid van die Universiteit en die Fakulteit; en
  - inligting oor kommunikasie met die Universiteit, wat ’n verduideliking van die begrip “studentenommer” insluit en relevante navraagpunte met kontak-besonderhede aandui.

### *Geregistreerde voorgraadse studente*

- Voorgraadse Programme-hoofstuk
  - Die Fakulteit se beleid oor die toestaan van Dekaaansvergunningseksamens aan finalejaarstudente;
  - inligting oor voorgraadse studieprogramme wat aangebied word; en
  - die vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keusemodules waar van toepassing.
- Voorgraadse Modules-hoofstuk
  - ’n Verduideliking van die verskil tussen vakke en modules;
  - ’n verduideliking van die betekenis van die nommering, doseerlading en taalspesifikasie van die modules, asook die betekenis van slaag-, voorvereiste en newevereiste modules;
  - elke module se doseerlading;
  - elke module se taalspesifikasie;
  - elke module se slaag-, voorvereiste en newevereiste modules, indien enige; en
  - elke module se metode van assessering, veral waar ’n module deurlopend of buigsaam geassesseer word.
- Algemene Inligting-hoofstuk
  - Inligting oor die Taalbeleid van die Universiteit en die Fakulteit;
  - inligting oor kommunikasie met die Universiteit, asook relevante navraagpunte met kontakbesonderhede; en
  - ander reëls van toepassing op alle studente.

- Indeks
  - 'n Indeks van voorgraadse vakke wat in studieprogramme van die Fakulteit gevolg kan word, is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

#### *Geregistreeerde nagraadse studente*

- Nagraadse Programme-hoofstuk
  - Inligting oor nagraadse studieprogramme wat aangebied word.
- Algemene Inligting-hoofstuk
  - Ander reëls van toepassing op alle studente.

#### *Doserende, administratiewe en bestuurspersoneel*

Meeste van die inligting in hierdie Jaarboekdeel is dalk van belang vir die uitvoering van u onderskeie take. Die Inhoudsopgawe is die aangewese plek om te begin naslaan, maar gereelde gebruik van die boek sal uiteraard tot vertroudheid met al die inligting in die boek, en waar dit geplaas is, lei.



# 1 Algemene Inligting

## 1.1 Hoe om met die Universiteit te kommunikeer

### 1.1.1 Gebruik van studentenommer

Voornemende, huidige en afgestudeerde studente moet asseblief in alle korrespondensie met die Universiteit hul studentenommer vermeld. Die Universiteit ken aan elke aansoeker 'n unieke studentenommer toe wanneer hy/sy vir die eerste keer by die Universiteit aansoek doen. Die studentenommer dien as unieke identifikasie om kommunikasie rekordhouding te vergemaklik.

### 1.1.2 Kontakinligting

Stuur geskrewe korrespondensie aan die volgende adresse:

- In verband met akademiese aangeleenthede, dit wil sê studie-aangeleenthede, beurse en lenings, ensovoorts, asook koshuisplasinge:

Die Registrateur  
Universiteit Stellenbosch  
Privaat Sak X1  
MATIELAND  
7602

- In verband met finansiële en dienste-aangeleenthede, insluitend diensaspekte van koshuise:

Die Bedryfshoof  
Universiteit Stellenbosch  
Privaat Sak X1  
MATIELAND  
7602

Rig kommunikasie met die Fakulteit aan een van die volgende persone:

- Dekaan:

Prof JH (Hansie) Knoetze – [jhk@sun.ac.za](mailto:jhk@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4204 / Faks: +27 (0)21 808 4206  
Vir afspraak kontak Sandra Tribelhorn – [sandrab@sun.ac.za](mailto:sandrab@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4203 / Faks: +27 (0)21 808 4206

- Visedekaan (Navorsing):

Prof WJ (Willem) Perold – [wjperold@sun.ac.za](mailto:wjperold@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4368  
Vir afspraak kontak Larry Morkel – [lmorkel@sun.ac.za](mailto:lmorkel@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4478

- Visedekaan (Onderrig):

Prof AH (Anton) Basson – [ahb@sun.ac.za](mailto:ahb@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4250 / Faks: +27 (0)866 155 206

Vir afspraak kontak Christine Gericke – [mcgericke@sun.ac.za](mailto:mcgericke@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4376 / Faks: +27 (0)866 155 206

- Departementele Voorsitter Bedryfsingenieurswese:

Prof CSL (Corne) Schutte – [corne@sun.ac.za](mailto:corne@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 3617 / Faks: +27 (0)21 808 4245

Vir afspraak kontak Karina Smith – [ksmith@sun.ac.za](mailto:ksmith@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4234 / Faks: +27 (0)21 808 4245

- Departementele Voorsitter Elektriëse en Elektroniese Ingenieurswese:

Prof T (Thomas) Jones – [jones@sun.ac.za](mailto:jones@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4319

Vir afspraak kontak Charlene Weimers – [charlene@sun.ac.za](mailto:charlene@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4936

- Departementele Voorsitter Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese:

Prof C (Cornie) Scheffer – [cscheffer@sun.ac.za](mailto:cscheffer@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4249 / Faks: +27 (0)866 155 206

Vir afspraak kontak Marilie Oberholzer – [marilie@sun.ac.za](mailto:marilie@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4374 / Faks: +27 (0)866 155 206

- Departementele Voorsitter Prosesingenieurswese (Chemiese Ingenieurswese):

Prof SM (Steven) Bradshaw – [smb@sun.ac.za](mailto:smb@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4493 / Faks: +27 (0)21 808 2059

Vir afspraak kontak Francis Layman – [flayman@sun.ac.za](mailto:flayman@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4062 / Faks: +27 (0)21 808 2059

- Departementele Voorsitter Siviele Ingenieurswese:

Prof GPAG (Gideon) van Zijl – [gvanzijl@sun.ac.za](mailto:gvanzijl@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4436 / Faks: +27 (0)21 808 4440

Vir afspraak kontak Irene McIvor – [icm@sun.ac.za](mailto:icm@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4369 / Faks: +27 (0)21 808 4440

- Fakulteitsbeampte (studente-ondersteuning):

Mnr MO (Minnaar) Pienaar – [mop@sun.ac.za](mailto:mop@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4205 / Faks: +27 (0)21 808 4206

- Fakulteitsekretaris (navrae oor akademiese aangeleenthede aan die Registrateurs-afdeling):

Me N (Nicole) Hartzenburg – [nicolepa@sun.ac.za](mailto:nicolepa@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4835 / Faks: +27 (0)21 808 4576

- Fakulteitsbestuurder:

Mnr E (Enzo) D’Aguanno – [vsd@sun.ac.za](mailto:vsd@sun.ac.za)  
Tel: +27 (0)21 808 4986 / Faks: +27 (0)21 808 4206

Besoek gerus die Fakulteit se webwerf by [www.eng.sun.ac.za](http://www.eng.sun.ac.za), waar die webwerwe vir elk van die vyf departemente aangedui word.

## **1.2 Taalbeleid en -plan**

### *1.2.1 Universiteitswyd*

Die amptelike Taalbeleid en -plan van Universiteit Stellenbosch is in 2002 deur die Raad van die Universiteit goedgekeur. Die volledige weergawe, met aanvullende dokumente, is beskikbaar by <http://www.sun.ac.za/taal>. Kerngedagtes van die Taalbeleid en -plan is:

- Die Universiteit is verbind tot die gebruik en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal in 'n meertalige konteks. Taal word aan die Universiteit gebruik op 'n wyse wat gerig is op die omgang met kennis in 'n diverse samelewing.
- Die Universiteit erken die besondere status van Afrikaans as akademiese taal en aanvaar ook die verantwoordelikheid om dit te bevorder. Terselfdertyd word rekening gehou met die status van Engels as internasionale kommunikasietaal en isiXhosa as ontlukkende akademiese taal.
- Die institusionele taal van die Universiteit is by verstek Afrikaans, met Engels wat na gelang van omstandighede ook as interne kommunikasietaal gebruik word. Al drie tale word, waar doenlik, vir eksterne kommunikasie gebruik.
- Die Taalplan onderskei tussen die implementering van die beleid in leer- en onderrigsituasies, en in die ondersteuningsdienste en bestuur.
- Die taalspesifikasie van individuele modules word onder die afdeling Voorgraadse Vakke, Modules en Module-inhoude in hierdie Jaarboekdeel aangetref. 'n Verduideliking van die verskillende taalspesifikasies wat gebruik word, is by <http://www.sun.ac.za/taal> beskikbaar.
- Vergaderings van statutêre besluitnemingsliggame word by verstek in Afrikaans gehou. Waar daar by sulke vergaderings persone betrokke is wat nie Afrikaans kan verstaan nie, is óf Engels die voertaal van die vergadering, óf moet 'n tolkdieners beskikbaar gestel word. Agendas en besprekingsdokumente met 'n bestuursopsomming word in Engels verskaf, of dokumentasie word in geheel in beide Engels en Afrikaans verskaf.

### *1.2.2 Fakulteit Ingenieurswese*

Die Fakulteit streef daarna om sy voorgraadse programme in beide Afrikaans en Engels toeganklik te maak. Daarom word alle eerstejaarsmodules vanaf 2014 in beide Afrikaans en Engels (parallele sessies) aangebied, en alle verdere voorgraadse modules, met die uitsondering van sommige keusemodules, word in beide Afrikaans en Engels aangebied deur gebruik te maak van parallelle sessies of intydse tolking (dit wil sê Afrikaanse lesings word getolk na Engels en Engelse lesings word getolk na Afrikaans).

Die beplande taalspesifikasies vir die voorgraadse modules word by die modulegegewens gegee. Die finale taalspesifikasie vir 'n module sal aan die begin van 'n semester in die moduleraamwerk gespesifiseer word, en mag verskil van die inskrywing in die Jaarboek na gelang van die heersende omstandighede (byvoorbeeld die beskikbaarheid van klaskamers van voldoende grootte en die taalvaardigheid van die beskikbare personeel).

## **1.3 Die Ingenieursprofessie**

### *1.3.1 Die Professionele Ingenieur se rol*

Professionele ingenieurs speel 'n onmisbare en skeppende rol in die gemeenskap. Hulle is verantwoordelik vir die oordeelkundige toepassing van wetenskaplike en tegnologiese

kennis om materiale en kragte en ander fisiese eienskappe van die natuur ekonomies te benut vir die vooruitgang en welsyn van die mensdom. Hulle sorg ook vir die beskerming en verbetering van die omgewing deur die nodige fasiliteite en toerusting vir 'n gevorderde samelewing te beplan, te ontwerp en te laat bou. As sodanig is hulle die senior vennote van die span in die ingenieurswese wat bestaan uit die vakman of ambagsman (opgelei deur middel van 'n vakleerlingskap), tegnikus en tegnoloog (opgelei aan 'n technikon of universiteit van tegnologie) en professionele ingenieur (opgelei aan 'n universiteit).

### *1.3.2 Definisie van ingenieur*

Die volgende definisie van die begrip “ingenieur” is deur die Ingenieursraad van die Verenigde Koninkryk aanvaar:

'n Ingenieur is iemand wat oor wetenskaplike, tegniese en tersaaklike kennis, begrip en vaardighede beskik en dit gebruik om veilige, doeltreffende stelsels, strukture, masjiene, aanlegte, prosesse of apparaat met praktiese en ekonomiese waarde te skep of te handhaaf.

Ingenieurswese is 'n beroep wat gerig is op die vaardige aanwending van 'n besondere bron van kennis gebaseer op wiskunde, wetenskap en tegnologie wat geïntegreer is met besigheid en bestuur, en verkry is deur opleiding en professionele vorming in 'n spesifieke ingenieursvakrigting. Ingenieurswese is gerig op die ontwikkeling en voorsiening van infrastruktuur, goedere en dienste vir die nywerheid en die gemeenskap.

Professionele ingenieurs is hoofsaaklik gemoeid met die vooruitgang van tegnologie deur innovasie, kreatiwiteit en verandering. Hulle ontwikkel en pas nuwe tegnologieë toe, bevorder gevorderde ontwerpe en ontwerpmetodes, stel nuwe en meer doeltreffende vervaardigingstegnieke, bemarkings- en konstruksiekonsepte bekend, en baan die weg vir nuwe ingenieursdienste en bestuursmetodes. Hulle is betrokke by die bestuur en leiding van hoë-risiko- en hulpbron-intensiewe projekte. Professionele oordeel is 'n sleutel-eienskap van hul rol, gekoppel aan die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die bestuur van belangrike take, insluitend die winsgewende bestuur van industriële en kommersiële ondernemings.

Die BIng-programme se doel is om studente met die nodige kennis toe te rus om as professionele ingenieurs te kan praktiseer.

### *1.3.3 Gedragskode vir Professionele Ingenieurs*

As lede van 'n professie is ingenieurs onderworpe aan 'n gedragskode. In Suid-Afrika is die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) met statutêre magte beklee om standarde vir opleiding voor te skryf en professionele ingenieurs te registreer. Registrasie as professionele ingenieur (PrIng) sertifiseer dat 'n persoon bevoeg is om as ingenieur te praktiseer. ECSA het ook die bevoegdheid om tugmaatreëls op ingenieurs wat hulle aan wangedrag skuldig maak, toe te pas.

Die Gedragskode vir Professionele Ingenieurs se doelwitte is om te verseker dat geregistreerde persone, in die uitvoering van hul ingenieurswerk:

- hul kennis en vaardighede aan te wend in die belang van die algemene publiek en die omgewing;
- hul werk uitvoer met integriteit en in ooreenstemming met algemeen aanvaarde norme van professionele gedrag;
- respek betoon vir die belange van die publiek en die aansien van die profesie;
- daarna streef om hul eie en hul ondergeskiktes se professionele vaardighede te verbeter;
- uitnemendheid in die ingenieursprofesie bevorder; en
- nie openbare gesondheid en veiligheid in gevaar te stel nie.

### *1.3.4 Registrasie as Professionele Ingenieur*

Om as professionele ingenieur te registreer, en sodoende die titel PrIng te gebruik, moet 'n persoon normaalweg aan twee vereistes voldoen:

1. Die persoon moet 'n oor BIng- of BScIng-grad wat vir hierdie doel deur ECSA geakkrediteer is, beskik; en
2. die persoon moet 'n tydperk van indiensopleiding wat vir ECSA van aanvaarde standaard en duur (minstens drie jaar) is, voltooi.

ECSA het al die BIng-grade aan Universiteit Stellenbosch tot 2018 geakkrediteer, wanneer ECSA sy volgende gereelde akkreditasiebesoek sal bring.

### *1.3.5 Internasionale erkenning*

ECSA is 'n ondertekenaar van die Washingtonverdrag en daarom word die grade wat deur ECSA vir die opleiding van professionele ingenieurs geakkrediteer is, ook internasionaal deur ander ondertekenaars van die Verdrag erken. BIng-graduandi van Universiteit Stellenbosch se opleiding word dus erken vir registrasie as Professionele Ingenieur (of ekwivalente) in lande soos die Verenigde Koninkryk, Ierland, Kanada, die VSA, Australië, Hong Kong, ensovoorts.

## **1.4 Die Fakulteit**

Hierdie afdeling gee 'n kort oorsig van die Fakulteit as geheel, die geboue wat die Fakulteit huisves en die hoof organisatoriese eenhede van die Fakulteit, behalwe die departemente in die Fakulteit, wat in die volgende afdeling bespreek word.

### *1.4.1 Geskiedenis*

Die Fakulteit Ingenieurswese het in 1944 amptelik tot stand gekom as die eerste Afrikaanse ingenieursfakulteit in Suid-Afrika en het sy eerste graduandi in 1945 gelewer.

Aanvanklik het die Fakulteit slegs uit drie ingenieursdepartemente bestaan, naamlik Siviele, Werktuigkundige en Elektrotegniese Ingenieurswese en die Departement Toegepaste Wiskunde. Mettertyd is ook departemente van Chemiese, Metallurgiese en Bedryfsingenieurswese ingestel, en eersgenoemde twee het in 1994 saamgesmelt om die Departement Chemiese Ingenieurswese te vorm. Tans is daar vyf departemente in die Fakulteit, naamlik Bedryfsingenieurswese, Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, Meganiese en Megatrouniese Ingenieurswese, Prosiesingenieurswese en Siviele Ingenieurswese.

### 1.4.2 Ingenieurswese-gebouekompleks

Die huidige gebouekompleks aan Banghoekweg, Stellenbosch, is in die sewentigerjare stelselmatig voltooi en sedertdien van tyd tot tyd verder uitgebrei, byvoorbeeld met die byvoeging van die Kennissentrum in 2012. Die onderstaande figuur dui 'n lugfoto aan van die huidige kompleks.



*Figuur 1.1: Die Ingenieurswese-gebouekompleks (die nommers word in die beskrywings hieronder gebruik).*

Die geboue in Figuur 1.1, en die eenhede wat elkeen huisves, is:

#### 1: Algemene (Hoof) Ingenieurswesegebou

- Verskeie lesingsale en tutoriaalkamers
- Dekaansafdeling van die Fakulteit Ingenieurswese
- Afdelings Toegepaste Wiskunde en Rekenaarwetenskap van die Departement Wiskundige Wetenskappe, Fakulteit Natuurwetenskappe
- Plakkies-kafeteria

#### 2: Ingenieurswese-Kennissentrum

- Twee groot lesingsale
- Die Ingenieurswese en Bosbou-biblioteek, 'n tak van die JS Gericke-biblioteek
- Twee navorsingseenhede

#### 3: Meganiese en Bedryfsingenieurswese-gebou

- Verskeie lesingsale en tutoriaalkamers
- Departement Bedryfsingenieurswese en sy laboratoriums (snelproduk-ontwikkelingslaboratorium, truwaartse-ingenieurswese-laboratorium, drie laboratoriums met gevordeerde rekenaarfasiliteite, gehaltebeheerlaboratorium en metrologielaboratorium)

- Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese en sy laboratoriums (verskeie windtonnels, binnebrandenjintoetsstelle, 'n sleeptenk vir skeepvaarttoetse, 'n struktuurtoetsarea, en outomatisasie- en biomediese-ingenieurswese-laboratoriums, asook rekenaarfasielitteite vir massief-parallele berekenings van berekeningsvloeidinamika en eindige-element-struktuuranalise)
- 4: Prosesingenieurswese-gebou (Chemiese Ingenieurswese)
- Verskeie lesingsale en tutoriaalkamers
  - Departement Prosesingenieurswese en sy laboratoriums (proefaanlegfasielitteite, rekenaarsentrum vir prosesimulasie en dataverwerking, ekstraktiewe metallurgiese laboratoriums en bioprosesingenieurswese-fasielitteite)
- 5: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese-gebou
- Verskeie lesingsale en tutoriaalkamers
  - Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese en sy laboratoriums (vir antennes, beheerstelsels, radio- en mikrogolftegn timer, mikro-elektronika, elektronika, elektriese stroombane, elektriese masjiene, hoogs spanningstegn timer, rekenaarselsels, satellietstelsels en syferseinverwerking)
- 6: Siviele Ingenieurswese-gebou
- Verskeie lesingsale en tutoriaalkamers
  - Departement Siviele Ingenieurswese en sy laboratoriums (besproeiings-, geotegn timer, vervoer-, water-, beton-, warmteoordrag-, sonenergie-, sterkteleer- en strukturelaboratoriums, asook die departementele rekenaarfasielitteite)
  - Fakulteit Ingenieurswese Rekenaargebruikersarea (FIRGA)
  - Skolesentrum

### *1.4.3 Fakulteit Ingenieurswese Rekenaargebruikersarea (FIRGA)*

FIRGA is op die tweede en derde verdieping van die Siviele ingenieurswese-gebou en beskik oor 'n algemene gebruikersarea met 131 tafelrekenaars, asook drie elektroniese klaskamers, onderskeidelik met 150, 83 en 72 tafelrekenaars. Al die tafelrekenaars verleen toegang tot die internet en gesofistikeerde programmatuur.

FIRGA bied aan alle ingenieurstudente, ter ondersteuning van hul akademiese aktiwiteite, fasielitteite vir numeriese en digitale modellering, rekenaargesteeunde ingenieurswese, inligtingsverspreiding, kommunikasie en dokumentering.

### *1.4.4 Skolesentrum*

Die Skolesentrum, op die tweede vloer van die Siviele ingenieurswese-gebou, bied 'n verskeidenheid uitreikprogramme aan om belangstelling in wetenskap, wiskunde en tegnimer te prikkel en ook vaardighede te bevorder. Die volgende twee eenhede maak gebruik van die Skolesentrum:

- TRAC is 'n nasionale intervensieprogram, gebaseer op fisiese wetenskap en toegepaste wiskunde, wat leerders van sekondêre skole bemagtig en motiveer om hulle op tersiêre vlak in SET-rigtings te bekwaam. Die program gebruik rekenaartegnimer vir die vaslegging van wetenskaplike konsepte. Leerders en hulle onderwysers besoek TRAC se verskeie vaste rekenaarlaboratoriums op 'n daaglikse grondslag, terwyl TRAC-fasielitteerders ook skole met mobiele fasielitteite besoek. In Stellenbosch en die groter

Wes-Kaapse omgewing funksioneer TRAC deur middel van een vaste en twee mobiele laboratoriums. Die TRAC-hoofkwartier is op Stellenbosch in die Siviele Ingenieursgebou gevestig. Verwys na [www.trac.sun.ac.za](http://www.trac.sun.ac.za) vir meer besonderhede.

- SUNSTEP lei tegnologie- en wetenskap-onderwysers op om elektroniese boustelle soos 'n diefalarm, koordlose mikrofoon, elektroniese orrel en FM-radio met hul leerders te bou. Die teorie val binne die raamwerk van die tegnologiekurrikulum en is die ideale verryking vir die wetenskap-leerders wat leer van kapasitore, reaktansie, magnetisme en Lenz se wet. Al die boustelle is ontwerp met die samewerking van die kurrikulumadviseurs by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD). Daar word ook baie nou saamgewerk met die onderwysdepartemente van die Vrystaat, Oos-Kaap, Mpumalanga en Namibië, en die skole daar word ook bedien. Die bovermelde provinsies en Namibië word jaarliks besoek om daar opleiding te gaan doen. Skole kontak SUNSTEP vir onderwyseropleiding, sowel as leerderwerkinkels by Ingenieurswese se Skolessentrum, asook by die skole self. SUNSTEP kry dit reg om leerders se belangstelling in wetenskap reeds vanaf Graad 7, tot en met Graad 12, te prikkel. Die boustelle is van 'n hoë gehalte en kan met sukses deur leerders saamgestel en gesoldeer word. Wanneer leerders met die boustelle werk, skep dit entoesiasme en opgewondenheid, asook 'n gevoel van sukses. Uitstekende terugvoer word ontvang van leerders, onderwysers en hoofde van nie-winsgewende organisasies, wat Saterdag-skole met leerders doen. SUNSTEP se aktiwiteite brei ook uit na Namibië.

## 1.5 Departemente en ingenieursdissiplines

Hierdie afdeling bespreek kortliks die departemente van die Fakulteit Ingenieurswese, en hul ingenieursdissiplines.

### 1.5.1 Departement Bedryfsingenieurswese

Die graadprogramme in *bedryfsingenieurswese* en *ingenieursbestuur* staan onder leiding van hierdie departement.

Die *bedryfsingenieur* skep essensieel beter stelsels vir vervaardiging en dienslewering. Bedryfsingenieurswese is dus 'n interdissiplinêre studierigting waarin opleiding in verskeie toegepaste wetenskappe, soos meganiese en megatroniese en elektriese en elektroniese ingenieurswese, tesame met ekonomiese bestuur, natuurwetenskappe, inligtingstegnologie en operasionele navorsing, tot 'n eenheid vir die ontwerp en bedryf van verskeie soorte operasionele stelsels saamgesnoer word.

Die bedryfsingenieur se dagtaak bestaan uit 'n groot verskeidenheid skeppende bedrywighede, veral in die moderne vervaardigings- en dienstebedryf. Hierdie werk dek 'n wye spektrum, wat begin by die ontwerpstadium, konsentreer op die vervaardigings- of leweringstadia, waarin aandag veral op beplanning, doeltreffendheid en produktiwiteit toegespits word, en afsluit by bemaking.

Die bedryfsingenieur word ook by uitstek opgelei vir die gebruik van die rekenaar, met besluitneming vir bedryfsbestuur en die outomatiese beheer van masjinerie en toerusting.

Die hoofvertakkings van bedryfsingenieurswese is vervaardigingstegnologie en operasionele stelselontwerp. Dit omvat belangrike fasette soos gehalteversekering, robotika, ingenieurs-ekonomie, operasionele navorsing, bedryfsergonomie en inligtingstegnologie wat in die moderne industriële en dienste omgewing van besondere belang is.



*Ingenieursbestuur* is 'n gespesialiseerde vorm van bestuur wat ingenieursbeginsels op besigheidspraktyke toepas. Dit word dus gebruik in die bestuur van tegnologie of tegniese prosesse in ondernemings. Om dit te bereik vereis dikwels die multidissiplinêre koördinering van insette en bydraes van verskeie ingenieursdissiplines en ander spesialiteite word ook betrek, soos projekbestuur, risikobestuur, kwaliteitsbestuur, prestasiebestuur en haalbaarheidstudies. Klem word ook gelê op die bydrae van tegnologie om die onderneming se strategie te verwesenlik.

### 1.5.2 *Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Die graadprogramme in *elektriese en elektroniese ingenieurswese* staan onder leiding van hierdie departement.

Elektriese en elektroniese ingenieurs is verantwoordelik vir die beheer van elektriese en meganiese robotiese stelsels; die opwekking, transmissie en omsetting van elektriese energie; die inwin, verwerking en verspreiding van inligting deur elektroniese stelsels; en die ontwerp van rekenaars en groot programmeringstelsels. Elektriese en elektroniese ingenieurs hanteer die aanwending van elektriese energie (ook hernieubare energiebronne) in bedrywe soos elektrisiteitsvoorsiening, fabriek en chemiese aanlegte, myne, munisipaliteite, spoorweë en hawens. Hulle ontwerp rekenaars en die programmatuur daarvoor, veral ingeboude stelsels, asook rekenaar- en kommunikasienetwerke soos selfoonnetwerke, Wi-Fi en mobiele datanetwerke. Die veld bied aan entrepreneurs baie geleenthede om nuwe, klein hoë-tegnologie besighede te skep.

### 1.5.3 *Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese*

Die graadprogramme in *meganiese ingenieurswese* en *megatroniese ingenieurswese* staan onder leiding van hierdie departement.

*Meganiese ingenieurswese* word gekenmerk deur die beweging en oordraging van energie. Die rigting het te doen met die ontwerp en ontwikkeling van byvoorbeeld masjiene en masjienelemente, voertuie, vliegtuie, vaartuie, missiele, verkoelingstelsels, koeltorings en enjins. Warmte-oordrag, vloeddinamika, sterkteleer, dinamika en meganiese ontwerp is die belangrikste vakdissiplines in hierdie rigtings. Die opleiding is gevolglik veelsydig en lei tot verskeie professionele loopbane in byvoorbeeld lugreëling en verkoeling, kragopwekkingstelsels, voertuigingeniërswese, lugvaartkunde en energiebewaring.

*Megatroniese ingenieurswese* is 'n kombinasie van presisie- meganiese ingenieurswese, elektronika en rekenaarstelsels. 'n Tipiese megatroniese stelsel word gekenmerk deur 'n noue integrasie van die meganiese onderdeel, elektroniese sensore, meganiese en elektriese aktueerders en rekenaarbeheerders. Voorbeelde van megatroniese stelsels sluit in: elektroniese enjinbeheerstelsels, robotte, geoutomatiseerde monterlyne en kunsharte.

### 1.5.4 *Departement Prosesingenieurswese*

Die graadprogramme in *chemiese ingenieurswese*, met keusemodules in mineraal-prosessering, staan onder die leiding van die Departement Prosesingenieurswese.

Chemiese ingenieurswese is gemoed met die grootskaalse bedryf van prosesse waardeur materiale se eienskappe verander word. Sulke prosesse wissel van eenvoudige fisiese skeidings deur middel van distillasie, verdamping, droging of filtrasie tot ingewikkelde chemiese sinteses.

Die praktyk van chemiese ingenieurswese bestaan uit die ontwikkeling, ontwerp, konstruksie en bedryf van sulke prosesse op 'n ekonomiese grondslag. Dit vereis deeglike kennis

van die grondliggende wetenskappe van wiskunde, fisika en chemie asook van termodinamika, oordragverskynsels, reaktorontwerp, skeidingsprosesse, beheerstelsels en die ontwerp van aanlegte.

Chemiese ingenieurs wat in mineraalprosessering spesialiseer speel 'n belangrike rol in die mynbedryf en in metallurgiese aanlegte vir die produksie van metale en minerale uit erts.

### *1.5.5 Departement Siviele Ingenieurswese*

Die graadprogramme in *siviele ingenieurswese* staan onder leiding van hierdie departement.

Siviele ingenieurs is verantwoordelik vir die ontwikkeling, beplanning, ontwerp, konstruksie, instandhouding en bedryf van omvattende projekte wat veral op die infrastruktuur van die land betrekking het. Hulle is dus betrokke by die oprigting van groot, permanente werke soos besproeiingskemas, brûe, damme, hawens, kanale, lughawens, paaie en strate, pypleidings, rioleringsstelsels, spoorweë, strukture van alle aard en struktuurfondamente, stormwaterstelsels, tunnels, torings, watervoorsieningskemas en alle tipes swaar konstruksiewerk.

Deur hul werk is hulle besig om die omgewing te herskep, te verbeter en te bewaar, en om die nodige fasiliteite vir 'n doeltreffende gemeenskapslewe te voorsien.

## **1.6 Reëls van die Fakulteit**

Hierdie afdeling sit fakulteit-spesifieke reëls, wat op voor- en nagraadse studente van toepassing is, uiteen. Verwys asseblief na die hoofstukke in hierdie jaarboek deel oor voorgraadse en nagraadse programme vir reëls wat onderskeidelik daarop van toepassing is, en Deel 1 van die Jaarboek vir universiteitswye reëls. Verwys asseblief ook na die Fakulteit se Assesseringsreglement en die Fakulteit se Algemene Bepalings vir Voorgraadse Modules. Laasgenoemde twee dokumente is vir studente beskikbaar op die SunLearn-blaai van alle modules wat deur die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word, en is vir personeel beskikbaar op die dokument-argief (SharePoint).

### *1.6.1 Eksamen- en promosiebepalings*

Geen punte word toegeken in 'n module waarvoor 'n student nie ingeskryf is nie.

Elke item wat 'n student inlewer om nagesien te word (en wat o.a. kan bydra tot die waarde van 'n klas- of prestasiepunt), moet sy/haar eie werk wees. Geen dele daarvan mag deur 'n ander persoon gedoen wees nie, tensy die betrokke dosent vir die betrokke item skriftelik toestemming gegee het dat studente hulle spanmaats se werk mag gebruik.

Die roosters vir eksamens en hoofassesserings vir die modules wat vir studente van die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word, word sentraal gepubliseer. Dit berus geheel en al by alle studente om, vóór inskrywing aan die begin van die akademiese jaar, daarvan seker te maak dat geen botsings ten opsigte van dié modules waarvoor hulle inskryf op enige van die bovermelde roosters voorkom nie.

Alle geskrewe toets- en eksamenantwoorde moet met ink geskryf word.

### *1.6.2 Verskoning van assesserings*

'n Student vir wie dit weens siekte of 'n ander sertifiseerbare rede onmoontlik is om 'n toets of assessering af te lê of in te dien, moet 'n verklaring (byvoorbeeld 'n mediese sertifikaat) in hierdie verband (wat 'n aanvaarbare rede en tydperk van afwesigheid aandui) verkry en

dit binne vyf werksdae na die assesseringsgeleentheid by die verantwoordelike dosent inlewer.

### 1.6.3 *Vertoë ten opsigte van toetspunte en klaspunte*

Studente wat 'n toetspunt of klaspunt betwis, mag hulle dosente of departementele voorsitter daaroor nader. In alle gevalle geld 'n spertyd van 7 kalenderdae nadat 'n toets- of klaspunt bekend gemaak is. Geen vertoë sal ná hierdie spertyd oorweeg word nie.

### 1.6.4 *Werk gedurende vakansies*

Dit mag van nagraadse en finalejaar- voorgraadse studente verwag word om, behalwe die tyd wat op die rooster vir hierdie doel ingeruim is, gedurende die universiteitsvakansies in die laboratoriums van die betrokke departement aan hul projekte, navorsingswerkstukke, tesisse en proefskrifte te werk.

### 1.6.5 *IT-infrastruktuur*

Die Fakulteit se informasietegnologie-infrastruktuur is hoofsaaklik gesetel in die Fakulteit Ingenieurswese Rekenaarsgebruikers Area (FIRGA).

Alle ingenieurstudente, met die uitsondering van enkele nagraadse studente wat nie op die kampus studeer nie en spesifiek kwytgeskeld word van die verpligting, moet die jaarlikse heffing betaal wat hulle toegang gee tot die IT-infrastruktuur.

Slegs apparatuur wat deur die Universiteit se Afdeling Informasietegnologie goedgekeur is, mag aan die netwerk verbind word.

Die misbruik van die IT-infrastruktuur word ten strengste verbied. Misbruik sluit in:

- Ongemagtigde toegang tot rekenaars of bedieners.
- Ongemagtigde gebruik van programmatuur en die gebruik van onwettige programmatuur.
- Ongemagtigde kopiëring van programmatuur of die skending van outeursreg.
- Ongemagtigde toegang tot en/of kopiëring of verandering van stelsellêers, insluitend konfigurasie-, gebruiker- en wagwoordlêers.
- Teistering van ander persone deur die vertoning van onweloweglike materiaal of versending van onwelkome boodskappe.
- Onderskepping van netwerkverkeer en wederregtelike lees van e-pos.
- Enige vorm van bedrog deur middel van die netwerk, insluitend die gebruik van ander persone se wagwoorde.
- Speel van rekenaarspeletjies oor die netwerk.
- Enige aksie wat ten doel het om die stelsel met inligting te verswelg, soos kettingbriefboodskappe en *spam*.
- Goeie e-pos- en netwerketiket sluit in:
- Gee 'n beskrywende titel vir elke epos.
- Hou outomatiese boodskapontvangs aangeskakel; bevestiging is van groot nut vir die afsender, aangesien die verwagting op 'n reaksie daarmee bevestig word.
- Lees e-pos gereeld en reageer op alle e-pos wat nie slegs algemene informasie versprei nie.

- Gebruik keurige taal en vermy aggressie in boodskappe.
- Moenie groot lêers by eposse aanheg nie. Dit wangebruik skyfruimte. Gebruik eerder webfasiliteite (soos Google Drive of Dropbox) om groot lêers oor te dra.
- Moenie die Universiteit se e-posstelsel gebruik om nie-akademiese aangeleenthede soos basaars, uitvoerings, ensovoorts, onder die aandag van gebruikers te bring nie. Maak daarvoor gebruik van Kampusnuus of die Universiteit se daaglikse bulletin.
- Goeie etiket vir gemeenskaplike rekenaargebruikersareas sluit in:
- Hou alle werkplekke in die algemene gebruikersareas skoon en netjies, soos almal dit graag sou wou ontvang.
- Vul die foutrapporteringvorms voor in die lokaal in, sodat foutiewe toerusting so gou as moontlik nagegaan kan word.
- Moenie lang programme onbeman loop met boodskappe dat die rekenaar uitgelos moet word nie.
- Maak positiewe voorstelle om die funksionaliteit van die stelsel te verbeter.

## **1.7 Toekennings en pryse**

Die belangrikste toekennings en pryse wat eie is aan die Fakulteit Ingenieurswese word in hierdie afdeling bespreek. Vir besonderhede oor ander pryse en beurse waarvoor ingenieurstudente ook in aanmerking kom, verwys asseblief na die Jaarboek, Deel 2.

### *1.7.1 Fakulteitswyd*

Bylae A lys die ontvangers van toekennings wat fakulteitswyd beoordeel word.

#### *1.7.1.1 Die Dekaanstoekening vir Uitmuntende Prestasie*

Die Dekaanstoekening vir Uitmuntende Prestasie kan toegeken word aan 'n student wat voorgraads, sowel as nagraads, werklik uitmuntend presteer het. Die studietydperk sal normaalweg beperk wees tot agt jaar aaneenlopende studie. Om vir die toekenning te kwalifiseer, moet die kandidaat, naas 'n uitstekende studierekord, ook reeds uitsonderlik presteer het as navorsers. Wat tipies vereis sal word is die aanvaarding vir publikasie van minstens een vaktydskrifartikel, waarvan die kandidaat die hoofouteur is, deur 'n gesiene internasionale vaktydskrif, asook bydraes tot die gepubliseerde verrigtinge van een of meer internasionale vakkongresse.

Die toekenning, wat nie noodwendig elke jaar gedoen sal word nie, bestaan uit 'n silwermedalje en 'n kontantprys. Kandidate word deur die departemente genomineer en die Fakulteitskomitee besluit oor die toekenning.

#### *1.7.1.2 Die ECSA-merietemedalje*

Die ECSA-merietemedalje gaan aan die verdienstelikste BIng-graduandus in die Fakulteit.

#### *1.7.1.3 Die Jac van der Merwe-prys vir Innovasie*

Die Jac van der Merwe-prys vir Innovasie van R30 000, geborg deur MultiChoice, word toegeken aan 'n finalejaarstudent wie se projek of skripsie die sterkste getuig van vernuftige of oorspronklike denke.

#### *1.7.1.4 Akademiese Kleure*

Akademiese erekleure word deur die Studenteraad toegeken vir voortreflike akademiese prestasie.

### *1.7.1.5 Dosent van die Jaar*

Hierdie toekenning, in die vorm van 'n medalje, gaan aan 'n dosent wat diep spore in die Fakulteit getrap het.

Die toekenning word gedoen uit erkenning vir goeie onderrig, 'n vormende invloed op die Fakulteit se studente en 'n bydrae tot die ontwikkeling van die Fakulteit se programme en/of laboratoriums.

Kandidate word jaarliks deur die departemente genomineer. Die Fakulteitskomitee doen die toekenning op grond van die motiverings wat deur die departemente verskaf word.

### *1.7.1.6 Opkomende Navorser van die Jaar*

Hierdie toekenning, in die vorm van 'n medalje, gaan aan 'n dosent of navorser wat oor die afgelope paar jaar uitsonderlike vooruitgang op die gebied van navorsing gemaak het. Die kandidaat vir die toekenning word deur die Navorsingsadvieskomitee by die Fakulteitskomitee aanbeveel. Die Fakulteitskomitee bekragtig die toekenning.

### *1.7.1.7 Erelid van die Fakulteit*

Die toekenning, in die vorm van 'n sertifikaat, kan elke jaar gedoen word aan hoogstens drie persone van buite die Fakulteit wat oor 'n lang tyd uitmuntende diens aan die Fakulteit gelewer het en die Fakulteit se belange bevorder het.

Kandidate word deur die departemente genomineer. Die Fakulteitskomitee doen die toekenning op grond van die motiverings wat deur die departemente verskaf word.

Die toekennings word by 'n Adviesraadsvergadering van die Fakulteit aangekondig. Die sertifikate word by 'n Adviesraadsvergadering of 'n ander geskikte geleentheid oorhandig.

## *1.7.2 Bedryfsingenieurswese*

- Die SAIIE-wisseltrofee en SENROB-prys vir die beste prestasie in vervaardigingsmodules en -projek.
- Die Dosente-prys vir professionele uitmuntendheid in die Bedryfsingenieurswese op voorgraadse vlak.
- Die John Thompson prys vir die beste nagraadse student in Bedryfsingenieurswese.
- Die IBI-prys vir die beste derdejaarstudent in Bedryfsingenieurswese.
- Die Sasol-prys vir die beste nagraadse studie in Bedryfsingenieurswese met 'n Sasol-toepassing.
- Die Sasol-prys vir die beste finalejaarskripsie in Bedryfsingenieurswese.
- Die Indutech-prys vir die beste voorgraadse skripsie met 'n innovasie-inslag.
- Die Dosenteprys vir professionele uitmuntendheid in Bedryfsingenieurswese op nagraadse vlak, en vir uitmuntendheid as bedryfsingenieur.
- Die Analise en Besluitneming-prys vir die student wat oor die volle vier jaar die beste gevaar het in die wiskundige- en operasionele navorsingsmodules.
- Die Qmuzik-prys vir die beste finalejaarstudent, soos genomineer deur ander studente.
- Die Qmuzik-prys vir die beste student in Informatiesistels en Programmering.
- Departementeprys vir die 2de beste skripsie.
- Ergopak-prys vir uitstaande bydrae tot verpakkingsoutomatisasie.

- RPD-prys vir beste skripsie met 'n RPD-tema.
- Fraunhofer IWU-GCC-samewerkingslaboratorium-prys vir beste skripsie binne die Fraunhofer IWU-GCC-samewerkingslaboratorium vir gesamentlike navorsing.
- Altech ISIS-prys vir die beste nagraadse student met die waardevolste toevoeging tot Informasietegnologie en Stelselontwerp.
- LTS-prys vir die beste tweedejaarstudent in Bedryfsingenieurswese.
- LTS-prys vir die beste student in Bedryfsingenieurswese gedurende die volle studieperiode van vier jaar.
- Fanie Neethling-prys vir die beste finalejaarprojek-plakkaat.
- Pragma-prys vir beste skripsie gelewer.
- Melroseatteridge-prys vir die beste nagraadse student in Ingenieursbestuur.
- Aluminium Federasie van Suid-Afrika-prys vir beste projek wat oor aluminium handel.
- SAIIE-skild, -medalje en een jaar lidmaatskap vir algehele beste student oor vier jaar.
- Competitive Dynamics International Holdings (Pty) Ltd (CDI): Skripsie wat die beste volhoubare oplossing bied vir 'n probleem wat 'n kliënt ervaar het.

### *1.7.3 Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Meriete-sertifikate word aan studente toegeken wat:

- Op voorgraadse vlak 'n bepaalde jaargang met 'n gemiddelde persentasie van 75% of meer geslaag het.
- Op nagraadse vlak 'n bepaalde graad of diploma met lof geslaag het.

### *1.7.4 Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese*

- Die AeSSA-prys vir die beste finalejaarprojek in Meganiese Ingenieurswese op lugvaartkundige gebied.
- Die SAIMegI-pryse vir die beste en naasbeste finalejaarprojekvoordragte in Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese.
- Die SAIMegI-skild vir die beste finalejaarprojek in Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese.
- Die CAE-boekprys vir die beste finalejaarprojek in Outomobiel-Ingenieurswese.
- Die Kröger-boekprys vir die beste projek op die gebied van Termodinamika of Warmteoordrag.
- Die Voorsittersprys wat toegeken word aan 'n Meganiese of Megatroniese Ingenieurswese-student vir 'n uitstaande prestasie soos besluit deur die dosente van die Departement.
- Die Sasol-prys vir die beste tweedejaarstudent in Meganiese Ingenieurswese.
- Die Sasol-prys vir die beste derdejaarstudent in Meganiese Ingenieurswese.
- Die Sasol-prys vir die beste finalejaarstudent in Meganiese Ingenieurswese.
- Die Sasol-prys vir die beste derdejaarstudent in Meganiese Ingenieurswese in Ontwerp.
- Die Sasol-prys vir die beste nagraadse student in Meganiese Ingenieurswese.

- Die Aluminium Federasie van Suidelike Afrika-prys vir die beste finalejaarprojek met aluminium.
- Die ITM-prys vir die beste tweedejaarstudent in Megatroniese Ingenieurswese.
- Die ITM-prys vir die beste derdejaarstudent in Megatroniese Ingenieurswese.
- Die ITM-prys vir die beste finalejaarstudent in Megatroniese Ingenieurswese.
- Die ITM-prys vir die beste nagraadse student in Megatroniese Ingenieurwese.
- Die ITM-prys vir die beste plakkaataanbieding in 'n finalejaarprojek in Meganiese of Megatroniese Ingenieurswese.
- Die Arthur Child-toekenning vir 'n uitsonderlike nagraadse student in Lugvaartkunde.
- Die Element Six (Pty) Ltd en DST/NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Sterk Materiale-pryse vir uitnemendheid in Materiaalkunde en Ingenieurswese vir die beste derde- en finalejaarstudent met die hoogste gemiddeld in Meganiese Ingenieurswese.
- Die AAT Composites-prys vir die beste finalejaarprojek in saamgestelde materiale.
- Die Autodesk/Eucad-prys vir die beste gebruik van CAD (Inventor) in 'n finalejaarprojek in Meganiese of Megatroniese Ingenieurswese.
- Die MMW-prys vir die mees voortreflike finalejaarstudent in die laboratorium-omgewing.
- Die MMW-prys vir die mees voortreflike nagraadse student in die laboratorium-omgewing.
- John Thompson-prys vir Uitsonderlike Prestasie in Meganiese Ingenieurswese.
- John Thompson-prys vir die beste finalejaarprojek in Termiese Energiestelsels.
- Die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energie-prys vir die beste finalejaarprojek in Hernubare Energie.
- Die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energie-prys vir die beste nagraadse projek in Hernubare Energie.
- Die Nico Laubscher-prys vir die beste finalejaarprojek in Afrikaans geskryf.
- Die Heever Technologies-prys vir die beste finalejaarprojek in Biomediese Ingenieurswese.
- Die Gradwealth-prys vir Innovasie.
- Die Simera-prys vir die beste vordering in 'n finalejaarprojek teen die middel van die jaar.
- Die Simera-prys vir die mees selfstandige en innoverende student vir praktiese werk in die Struktuurlaboratorium.

#### *1.7.5 Prosesingenieurswese (Chemiese Ingenieurswese en Mineriaalprosessering)*

- Die SAICHi-silwermedalje vir die beste finalejaarstudent in die Departement Prosesingenieurswese.
- Die SAIMM-prestigeprys vir die beste finalejaarstudent in die Departement Prosesingenieurswese met finalejaarprojek in Mineriaalprosessering.
- Die SAIMM-prys vir die beste derdejaarstudent in Mineriaalprosessering.

- Die Sasol-prys vir die beste derdejaarstudent in Termodinamika (CI 317).
- Die Sasol-prys vir die beste student in Prosesontwerp (CI 414).
- Die Sasol-prys vir die beste finalejaarstudent in Prosesbeheer (CI 426).
- Element Six-/DST-/NNS-medaljes ter ondersteuning van Materiaalkunde vir die beste derdejaarstudent en die beste prestasie in Materiaalkunde – finale jaar.
- Voorsittersprys vir 'n finalejaarstudent wat 'n noemenswaardige bydrae gelewer het tot die Departement Prosesingenieurswese.
- Die METF-prys vir die beste finalejaarprojek in die Departement Prosesingenieurswese.
- Die Jac van der Merwe Nominasie-prys vir die mees innoverende finalejaarprojek in die Departement Prosesingenieurswese.
- Die MINTEK-prys vir die beste graderende MEng-student in die Departement Prosesingenieurswese.
- Die Sentrum vir Prosesingenieurswese-prys vir die beste finalejaarprojek-plakkaat.
- Die Sentrum vir Prosesingenieurswese-prys vir die beste finalejaarstudent in Ontwerp.
- Die GE Intelligent Platforms-prys vir die beste graderende PhD-student.

#### *1.7.6 Siviele Ingenieurswese*

- Die Bergstan Suid-Afrika-prys van R1 250 vir die beste eerstejaarstudent in Siviele Ingenieurswese.
- Die Bergstan Suid-Afrika-prys van R1 800 vir die beste tweedejaarstudent in Siviele Ingenieurswese.
- Die Bergstan Suid-Afrika-prys van R2 500 vir die beste derdejaarstudent in Siviele Ingenieurswese.
- Die W-K Tak van SAISI-prys van R3 000 vir die student wat die grootste bydrae gelewer het tot die uitbou van Siviele Ingenieurswese.
- Die SA Instituut vir Staalkonstruksie-prys van R1 500 vir die verdienstelikste student in Staalbou.
- Die Betonvereniging van Suidelike Afrika-prys van R1 000 plus een jaar se ledegeld tot die vereniging vir die beste skripsie of die verdienstelikste student in Beton-tegnologie.
- Die AURECON prys van R2 000 vir die verdienstelikste finalejaarskripsie.
- Die WSP SA Civil and Structural Engineers (Pty) Ltd-prys van R1 000 vir die verdienstelikste nagraadse student in Vervoeringenieurswese.
- Die WSP Africa Coastal Engineers (Pty) Ltd-prys van R1 000 vir die verdienstelikste finalejaarstudent in Wateringenieurswese.
- Die AURECON-prys van R1 500 vir die verdienstelikste student in Vervoerleer.
- Die GLS-prys van R2 000 vir die beste tesis/proefskrif in Wateringenieurswese.
- Die AURECON-prys van R1 500 vir die verdienstelikste student in Omgewingsingenieurswese.



- Die Marius Louw-medalje en die AURECON-prys van R3 500 vir die beste finalejaarstudent in Siviele Ingenieurswese.
- Die SANRAL-prys van R1 000 vir die beste finalejaarskripsie in Plaveiselinge-  
nieurswese.
- Die Pretoria Portland Cement-prys van R 1 200 vir verdienstelike werk in die veld van  
Betoningenieurswese.
- Die HL Reitz-medalje en die AECOM-prys van R5 000 vir die beste nagraadse student  
in Siviele Ingenieurswese.
- Die Murray & Roberts Construction (Pty) Ltd -prys van R1 750 vir die beste  
tweedejaarstudent in die module Informatika vir Siviele Ingenieurs.
- Die Murray & Roberts Construction (Pty) Ltd-prys van R1 750 vir die beste  
derdejaarstudent in die module Informatika vir Siviele Ingenieurs.
- Die Murray & Roberts Construction (Pty) Ltd-prys van R1 750 vir die beste nagraadse  
student in die module Informatika vir Siviele Ingenieurs.
- Die Melis en Du Plessis-prys van R3 000 vir die verdienstelikste voor- of nagraadse  
student in Geotegniek.
- Die Manfred Kloos-prys van R1 500 vir die verdienstelikste nagraadse student in  
Hawe- en Kusingenieurswese.
- Die UWP Consulting (Pty) Ltd-prys van R1 500 vir die beste finalejaarstudent in  
Vervoeringenieurswese.
- Die ITS-prys van R1 500 vir die beste finalejaarskripsie in Padveiligheid.
- Die Instituut vir Waterboukunde en Omgewingsingenieurswese-prys van R2 500 vir  
die verdienstelikste finalejaarstudent in Gevorderde Ontwerp (Waterboukunde).
- Die Haw & Inglis Civil Engineering (Pty) Ltd-prys van R3 000 vir die beste  
magisterstudent in Siviele Ingenieurwese.

# 2 Voorgraadse Programme

## 2.1 Kwalifikasies en rigtings

Die Fakulteit ken die volgende voorgraadse kwalifikasie toe:

- BIng: Baccalaureus in die Ingenieurswese

Die BIng-graad is die basiese kwalifikasie in die ingenieurswese wat lei tot registrasie as professionele ingenieur, en verskaf 'n breë opleiding.

Die BIng-graad kan toegeken word in die volgende studierigtings: Bedryfsingenieurswese; Chemiese Ingenieurswese; Chemiese Ingenieurswese – rigting Mineraleprosessering; Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese; Meganiese Ingenieurswese; Megatroniese Ingenieurswese en Siviële Ingenieurswese.

Die Fakulteit bied twee graadprogramme aan vir elke studierigting, naamlik:

- 'n vierjarige graadprogram, BIng (4jr); en
- 'n vyfjarige verlengde graadprogram, BIng (VGP).

Al die Fakulteit se vierjarige en verlengde BIng-programme is deur ECSA geakkrediteer vir registrasie as professionele ingenieur.

Die verlengde graadprogramme vir ingenieurswese is ingestel om studente met ontoereikende skoolagtergrond te help om 'n BIng-program te bemeester en elke program bestaan uit 'n oorgangsjaar gevolg deur die kurrikulum van 'n BIng (4jr). 'n BIng (VGP) bied dus 'n alternatiewe toegang tot die BIng-programme in die Fakulteit Ingenieurswese.

## 2.2 ECSA-Akkreditasie

Die BIng-programme van die Fakulteit is geformuleer om te voldoen aan die vereistes wat die Ingenieursraad van Suid-Africa (ECSA) stel vir geakkrediteerde BIng-programme. Dit bring mee dat die programme elkeen ten minste die vereiste aantal krediete per ECSA kennisarea bevat, asook al die ECSA uitreevlak-uitkomst ontwikkel en assessee. Elke student wat 'n BIng-program voltooi, ongeag die keuse-opsies uitgeoefen, bevredig ECSA se vereistes.

## 2.3 Voorgraadse-inskrywingsbestuur

Ten einde die Raad se teikens ten opsigte van die *grootte* (die totale aantal studente) en *vorm* (studierigtings en diversiteitsprofiel) van Universiteit Stellenbosch (US) se studentebevolking te bereik, is dit nodig om die voorgraadse inskrywings aan die US te bestuur. Die US se totale aantal inskrywings word bestuur om in te pas binne die beskikbare kapasiteit.

Die volgende vertrekpunte is van toepassing:

- Die uitbouing van akademiese uitnemendheid deur die handhawing van hoë akademiese standaarde.
- Die handhawing en verbetering van hoë sukseskoerse.
- Die nakoming van die US se verbintenis tot regstelling, tot sosiale verantwoordelikheid, en om 'n bydrae te lewer tot die opleiding van toekomstige rolmodelle uit alle bevolkingsgroepe.

- Die verbreding van toegang tot hoër onderwys veral aan studente uit onderwys-benadeelde en ekonomies behoeftige omstandighede wat oor die akademiese potensiaal beskik om suksesvol aan die US te studeer.

## 2.4 Toegang tot BIng-programme vir nuwelingstudente

Nuwelingstudente is studente wat nie voorheen aan 'n universiteit gestudeer het nie. Studente wat wel reeds aan 'n universiteit gestudeer het, mag ook aansoek doen vir toelating op dieselfde basis as nuwelingstudente.

### 2.4.1 *Prosedure om vir toelating oorweeg te word*

Om vir toelating tot 'n BIng-program oorweeg te word, moet nuwelingstudente:

- 'n Volledige aansoek indien voor die sluitingsdatum vir aansoeke (30 Junie);
- die Nasionale Normtoets (*National Benchmarking Test of NBT*; vir besonderhede: [www.nbt.ac.za](http://www.nbt.ac.za)) aflê in Wiskunde, Akademiese Geletterdheid en Kwantitatiewe Geletterdheid;
- aan die toelatingsvereistes vir die betrokke graadprogram voldoen; en
- gekeur word vir die betrokke graadprogram (keuring tot een BIng-program is nie oordraagbaar tot 'n ander BIng-program nie).

Die toelating tot 'n BIng-program van voornemende studente wat reeds Graad 12 geslaag het, kan beskou word as finaal. Voornemende studente wat ten tye van aansoek in Graad 12 is, kan voorlopig toegelaat word tot 'n spesifieke BIng-program op grond van hul Graad 11-resultate. Hul finale toelating is egter onderworpe aan, eerstens, die indiening van 'n skriftelike bewys van die verwerfde Nasionale Senior Sertifikaat, of daarmee gelykstaande, wat voldoen aan die toelatingsvereistes vir die betrokke graadprogram en, tweedens, dat hulle keuringstellings, gebaseer op hul Graad 12-eindeksamenpunte, aan die betrokke graadprogram se drempeltelling (hieronder beskryf) voldoen.

Nuwelingstudente kan nie vir toelating tot 'n BIng (VGP) aansoek doen nie. Studente wat vir 'n BIng (4jr) aansoek gedoen het, maar nie aan die toelatingsvereistes voldoen nie of nie vir die betrokke program gekeur word nie, sal oorweeg word vir toelating tot 'n BIng (VGP).

Voornemende studente wat na die sluitingsdatum vir aansoeke 'n volledig aansoek indien, se aansoeke sal oorweeg word indien daar plekke beskikbaar is in die betrokke program.

Voornemende studente wat voor die sluitingsdatum vir aansoeke aansoek gedoen het, maar nie op grond van hulle Graad 11-skoolprestasie toegelaat is nie, mag hulle Graad 12-uitslae voorlê om heroorweeg te word vir toelating. Hul toelating sal onderhewig wees aan beskikbare plekke in die betrokke program.

Indien studente vir 'n gegewe jaar toegelaat word, maar nie in daardie jaar inskryf nie, vervul hul toelating en hulle sal opnuut aan keuring onderworpe wees indien hulle in 'n latere jaar weer aansoek doen vir toelating.

### 2.4.2 *Toelatingsvereistes vir BIng (4jr)*

Om oorweeg te word vir toelating tot enige BIng (4jr), moet nuwelingstudente aan al die volgende vereistes voldoen:

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat met toelating tot baccalaureusgraadstudie, of 'n vrystellingsertifikaat van die Matrikulasieraad, ontvang het;

- 'n gemiddelde prestasie (die gemiddeld van die ses beste matriekvakke, uitgesonder Lewensoriëntering) van minstens 70% in die toepaslike skoolindeksamen behaal het;
- Wiskunde met minstens 70% en Fisiese Wetenskappe met minstens 60% in die toepaslike skoolindeksamen geslaag het (Wiskundige Geletterdheid word nie aanvaar nie); of in die Senior Sertifikaateksamen voor of in 2007, Wiskunde HG met minstens 'n B geslaag het, en Natuur- en Skeikunde HG met minstens 'n C geslaag het; en
- in die toepaslike skoolindeksamen minstens die volgende prestasie in taalvakke behaal het:
  - Engels Huistaal: 40%; of
  - Engels Eerste Addisionele Taal: 60%; of
  - Engels Eerste Addisionele Taal: 50%, saam met Afrikaans Huistaal: 40%, of Afrikaans Tweede Addisionele Taal: 60%.

Toelating van voornemende studente wat aan die bogemelde toelatingsvereistes voldoen, is ook onderworpe aan keuring.

#### 2.4.3 Toelatingsvereistes vir BIng (VGP)

Om oorweeg te word vir toelating tot 'n BIng (VGP), moet nuwelingstudente aan al die volgende vereistes voldoen:

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat met toelating tot baccalaureusgraadstudie, of 'n vrystellingsertifikaat van die Matrikulasieraad, ontvang het;
- 'n Gemiddelde prestasie (die gemiddeld van die ses beste matriekvakke, uitgesonder Lewensoriëntering en Wiskundige Geletterdheid) van minstens 60% by die toepaslike skoolindeksamen behaal het;
- Wiskunde met minstens 60% en Fisiese Wetenskappe met minstens 50% in die toepaslike skoolindeksamen geslaag het (Wiskundige Geletterdheid word nie aanvaar nie); en
- in toepaslike skoolindeksamen minstens een van die volgende prestasie in taalvakke behaal het:
  - Engels Huistaal: 40%;
  - Engels Eerste Addisionele Taal: 60%; of
  - Engels Eerste Addisionele Taal: 50%, saam met Afrikaans Huistaal: 40%, of Afrikaans Tweede Addisionele Taal: 60%.

Toelating van voornemende studente wat aan die bogemelde toelatingsvereistes voldoen, is ook onderworpe aan keuring.

#### 2.4.4 Keuringsprosesse vir BIng (4jr)

Die belangrikste maatstaf wat die Fakulteit vir keuring vir BIng-programme gebruik, is 'n keuringstelling, wat soos volg bereken word:

- Keuringstelling = Wiskunde-prestasie + Fisiese Wetenskappe-prestasie + 6 x Matriek-gemiddelde.

Die persentasie wat in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe behaal is, asook die gemiddelde persentasie van die ses beste matriekvakke (uitgesonder Lewensoriëntering), word gebruik vir die berekening van die keuringstelling. Die telling neem dus 'n breë groep matriekvakke

in aanmerking, maar Wiskunde en Fisiese Wetenskappe dra normaalweg elk twee keer by. Die maksimum telling is 800.

Ander maatstawwe wat vir keuring gebruik word, is die Nasionale Normtoetse (*NBTs*), die skoolresultate en ander tersaaklike inligting. Persoonlike onderhoude mag in uitsonderlike gevalle deel van die keuringsmaatstawwe uitmaak.

Die Dekaan, in oorleg met die Fakulteit se Bestuurskomitee, stel 'n drempeltelling en 'n minimum keuringstelling vir elke BIng-program vas nadat al die volledige aansoeke, wat voor die sluitingsdatum ontvang is, verwerk is. Die drempeltelling word bepaal op grond van die aantal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes bevredig, die aantal plekke wat in die betrokke graadprogram beskikbaar is en die vertrekpunte vir “Voorgraadse-inskrywingsbestuur” wat hierbo genoem is. Die minimum keuringstelling is die keuringstelling wat studente ten minste moet hê om steeds 'n redelike kans te hê om die betrokke program te voltooi.

Voornemende studente word gekeur indien hulle die toelatingsvereistes bevredig en hulle keuringstellings gelyk aan of groter as die drempeltelling vir die betrokke graadprogram behaal. Studente wat onder die drempeltelling is, maar bokant die minimum keuringstelling vir die betrokke program, word op 'n waglys geplaas en kan steeds tot die betrokke program toegelaat word indien daar plekke beskikbaar is. Alternatiewelik kan so 'n student direk tot 'n ander program toegelaat word indien hy/sy aan die drempeltelling vir die betrokke program voldoen.

#### 2.4.5 *Keuringsproses vir BIng (VGP)*

'n Bepaalde aantal studente, wat nie vir 'n BIng (4jr) gekeur is nie, maar wel aan die toelatingsvereistes vir 'n BIng (VGP) voldoen, word gekeur vir die BIng (VGP). Voorkeur word verleen aan studente uit onderrigbenadeelde omgewings.

## 2.5 **Toegang tot BIng-programme vanaf ander programme, ander universiteite of ander vorige leer**

### 2.5.1 *Prosedure vir erkenning van modules*

Aansoekers wat reeds toepaslike modules voltooi het voordat hulle in die BIng-programme van die Fakulteit Ingenieurswese begin studeer, mag aansoek doen dat modules wat hulle voltooi het, erken word in die plek van modules in die BIng-program.

Hierdie aansoek moet:

- Voor 3 Januarie van die student se eerste studie in 'n BIng-program aan Universiteit Stellenbosch aan die Fakulteitsekretaris gerig word;
- die student se volledige studierekord insluit;
- die inhoud en uitkomst van die modules waarvoor erkenning gevra word, insluit.

Die aansoek sal deur die Departementele Voorsitter van die betrokke BIng-program se tuisdepartement (of gedelegeerde) oorweeg word. Die Fakulteitsekretaris sal aan die aansoeker skriftelike terugvoering gee.

Erkenning sal op 'n modulegrondslag verleen word. Modules sal erken word waar die kurrikulum, uitkomst en krediete van die module grootliks ooreenstem met die module binne die BIng-program waarby die student wil aansluit, of waar die module wat aangebied word, benewens dit wat die beoogde program vereis, ook nog addisionele werk insluit.

### 2.5.2 *Aansoekers vanaf ander programme aan Universiteit Stellenbosch*

Om tot 'n BIng-program toegelaat te word, moet studente:

- 'n Skriftelike aansoek aan die Fakulteitsekretaris rig, nadat alle prestasiepunte bekend is, maar voor 13 Desember, in die jaar voor die beoogde aanvang van studie in die ingenieurswese;
- aan die onderstaande vereistes voldoen; en
- aan die toelatingsvereistes ten opsigte van taal vir nuwelingstudente voldoen.

Aansoeke sal deur die Fakulteitsekretaris en die Departementele Voorsitter van die betrokke program se tuisdepartement (of gedelegerde) oorweeg word. Laasgenoemde sal, indien die student toegelaat word tot 'n BIng (4jr), ook besluit watter modules wat die student reeds voltooi het, erken kan word in die plek van modules in die BIng-program. Die Fakulteitsekretaris sal aan die aansoeker skriftelike terugvoering gee.

Die vereistes waaraan aansoekers vir toelating tot die tweede jaargang van 'n BIng (VGP) moet voldoen, is:

- Aansoekers moes die eerste jaar van 'n ander gepaste verlengde graadprogram in een studiejaar voltooi het; en
- aansoekers moes die voorgenoemde eerste jaar ten minste die prestasie behaal het wat vereis word in die BIng (VGP) vir voortsetting van die eerste jaar na die tweede jaar.

Die vereistes waaraan aansoekers vir toelating tot 'n BIng (4jr) moet voldoen, is:

- Aansoekers moet aan die toepaslike toelatingsvereistes vir nuwelingstudente ten opsigte van wiskunde en fisiese wetenskappe voldoen, behalwe as hulle tydens hul studie aan Universiteit Stellenbosch reeds wiskunde, chemie en fisika op eerstejaarsvlak geslaag het;
- aansoekers moet aan die toepaslike toelatingsvereistes vir nuwelingstudente ten opsigte van tale voldoen;
- aansoekers moet Wiskunde 114 en 144, of Ingenieurswiskunde 115 en 145, geslaag het; en
- aansoekers moet
  - óf binne 'n toepaslike BSc-program (waarin Wiskunde 114 en 144, of Ingenieurswiskunde 115 en 145, ingesluit is) in hul eerste jaar van studie alle modules geslaag het;
  - óf deur die betrokke BIng-program se tuisdepartement gekeur word.

Studente wat 'n BSc-program voltooi het, maar langer as vier jaar geneem het om die BSc-program te voltooi, of in die algemeen swak presteer het, word normaalweg nie tot 'n BIng (4jr) toegelaat nie.

Studente wat 'n BSc-program voltooi het sal normaalweg slegs tot die eerste jaar van 'n BIng (4jr) toegelaat word, maar studente kan aansoek doen vir erkenning van sekere modules alreeds geslaag in die BSc-program.

### 2.5.3 *Aansoekers vanaf ander universiteite in Suid-Afrika*

Studente wat hulle studie in 'n BIng- of BScIng-program by 'n ander universiteit begin het, en wat hul studie in die ingenieurswese aan Universiteit Stellenbosch wil voortsit, word

sterk aangeraai om slegs die eerste jaargang van die program aan daardie universiteit te volg en dan aansoek te doen om by die tweede jaargang van 'n BIng (4jr) by Universiteit Stellenbosch aan te sluit.

Om tot 'n BIng (4jr) toegelaat te word, moet aansoekers:

- 'n Skriftelike aansoek aan die Fakulteitsekretaris rig, voor 30 Junie in die jaar voor die beoogde aanvang van hul BIng-studie aan Universiteit Stellenbosch;
- hul volledige studierekord, tesame met die kurrikulum/module-uitkomste vir die modules waarvoor hulle erkenning vra, by hul aansoeke insluit;
- aan die vereistes voldoen om hulle studie voort te sit in die ingenieursprogram van die universiteit waar hulle voorheen of ten tyde van hul aansoek, studeer;
- aan die toelatingsvereistes ten opsigte van taal vir nuwelingstudente voldoen; en
- aan een van die volgende vereistes voldoen:
  - Aan die toepaslike toelatingsvereistes van die Fakulteit Ingenieurswese aan Universiteit Stellenbosch voldoen; of
  - Toon dat hulle wiskunde (ekwivalent aan Ingenieurswiskunde 115 en 145), chemie en fisika op eerstejaarsvlak geslaag het.

Aansoeke sal deur die Fakulteitsekretaris en die Departementele Voorsitter van die betrokke program se tuisdepartement (of gedelegeerde) oorweeg word. Laasgenoemde sal, indien die student toegelaat word tot 'n BIng-program, ook besluit watter modules wat die student reeds voltooi het, erken kan word in die plek van modules in die BIng-program. Die Fakulteitsekretaris sal aan die aansoeker skriftelike terugvoering gee.

#### *2.5.4 Aansluiting vanaf 'n teknikon of universiteit van tegnologie*

Kandidate wat oor 'n toepaslike Nasionale Diploma of BTech-graad beskik, en akademies goed presteer het, kan tot die tweede of derde jaargang van 'n BIng (4jr) toegelaat word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- Aansoekers moet aan die toepaslike toelatingsvereistes ten opsigte van taal voldoen;
- aansoekers moet, vir die modules hieronder aangetoon, die hoofassesserings tydens die eksamenperiode slaag; en
- aansoekers moet gekeur word.

Die prosedure om aansoek te doen, en toegelaat te word, is as volg:

- Aansoekers moet teen 1 April van die voorafgaande jaar by die Fakulteitsekretaris aansoek doen. Aansoekers moet hulle volledige studierekords, saam met die kurrikulum/module-uitkomste vir alle modules wat hulle geslaag het, by hulle aansoeke insluit.
- Departementele AEVL-komitees oorweeg die aansoeke en besluit watter assesserings wat afgelê moet word (wat moontlik aan die einde van die eerste semester kan wees).
- Die Fakulteitsekretaris gee terugvoer aan die aansoekers van die assesserings wat afgelê moet word. Die Departemente voorsien aan die aansoekers, vir elke module, slegs die leerplan, module-inhoud, klasnotas (indien van toepassing) en die naam van die voorgeskrewe handboek.
- Aansoekers moet, in die betrokke modules se normale hoofassesserings, hoogstens twee opeenvolgende eksamengeleenthede slaag.

- Die Fakulteitsekretaris sal die uitslag van die assesserings bekend maak slegs as 'n slaag of sak en die uitslag sal nie in die kandidaat se studierekord opgeneem word nie.

Om tot die tweede jaar van 'n BIng (4jr) toegelaat te word, moet kandidate die hoof-assesserings in die volgende modules suksesvol aflê:

- Ingenieurswiskunde 145;
- Toegepaste Wiskunde B 154; en
- hoogstens twee verdere modules, soos bepaal deur die betrokke departement ná oorweging van die kandidaat se studierekord by die teknikon, of universiteit van tegnologie, ten einde te verseker dat die kandidaat oor die nodige agtergrond beskik om suksesvol verder te kan studeer.

Om tot die derde jaar van 'n BIng (4jr) toegelaat te word, moet kandidate die hoof-assesserings in die volgende modules suksesvol aflê, na gelang van die program waarvoor hulle aansoek gedoen het:

- Bedryfsingenieurswese
  - Ingenieurswiskunde 214
  - Ingenieurswiskunde 242
  - Produksiebestuur 212
  - Ingenieursekonomie 212
- Chemiese Ingenieurswese en Mineriaalprosessering (Prosesingenieurswese)
  - Ingenieurswiskunde 214
  - Ingenieurswiskunde 242
  - Toegepaste Wiskunde B 224
  - Numeriese Metodes 262
- Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese
  - Ingenieurswiskunde 214
  - Toegepaste Wiskunde B 224
  - Toegepaste Wiskunde B 242
- Meganiese Ingenieurswese
  - Ingenieurswiskunde 214
  - Ingenieurswiskunde 242
  - Toegepaste Wiskunde B 224
  - Numeriese Metodes 262
- Megatroniese Ingenieurswese
  - Ingenieurswiskunde 214
  - Ingenieurswiskunde 242
  - Toegepaste Wiskunde B 224
  - Numeriese Metodes 262
- Siviele Ingenieurswese



- Ingenieurswiskunde 214
- Ingenieurswiskunde 252
- Toegepaste Wiskunde B 224
- Toegepaste Wiskunde B 242
- Toegepaste Wiskunde B 264
- Alle rigtings
  - Hoogstens drie verdere modules, soos bepaal deur die betrokke departement ná oorweging van die kandidaat se studierekord by die teknikon of universiteit van tegnologie, ten einde te verseker dat die kandidaat oor die nodige agtergrond beskik om suksesvol verder te kan studeer.

### 2.5.5 *Aansoekers van universiteite buite Suid-Afrika*

Studente wat erkenning verlang vir kwalifikasies van en/of modules geslaag aan universiteite buite Suid-Afrika, moet aansoek doen voor 30 Junie van die jaar wat hul voorgename aanvang van studie aan Universiteit Stellenbosch voorafgaan. Aansoekers moet hulle volledige studierekord saam met die kurrikulum/module-uitkomste vir alle modules wat hulle geslaag het, by hulle aansoeke insluit. Die Nagraadse en Internasionale Kantoor/RGN se beoordeling van buitelandse kwalifikasies sal as riglyn gebruik word. In die geval van kwalifikasies of inrigtings waarvan die standaard op gelyke vlak as dié van Suid-Afrikaanse universiteite beskou word, sal die aansoeke op dieselfde grondslag hanteer word as vir studente wat aansoek doen vir aansluiting vanaf 'n universiteit in Suid-Afrika. In ander gevalle sal geen erkenning van individuele modules verleen word nie, maar aansoekers sal dieselfde geleentheid tot aanvullende eksamens gegee word as studente vanaf 'n teknikon of universiteit van tegnologie.

Alle aansoekers moet aan die toepaslike toelatingsvereistes ten opsigte van taal voldoen.

Die Fakulteitskretaris sal skriftelike terugvoer aan aansoekers gee.

### 2.5.6 *Ander aansoekers*

In die geval van alle ander aansoekers, wat wil aansoek doen vir evaluering van vorige leer wat nie deur ander afdelings in die Jaarboek gedek word nie, geld die volgende:

- Alle sodanige aansoeke moet teen 1 April van die voorafgaande jaar ingedien wees.
- Aansoekers moet by hulle aansoeke volledige besonderhede verskaf van die vorige leer, ingesluit die naam van die program, 'n beskrywing (inhoud, omvang en uitkomste), die assesseringskriteria, die tipe assesserings, die akkreditering van aanbieder(s), en wanneer die leer verwerp is. Indien enige van hierdie inligting ontbreek, sal die aansoek nie verwerk kan word nie.

Ervaring op sigself word nie erken nie; dit moet leer wees wat op 'n erkende wyse geassesseer is.

Departementele AEVL-komitees oorweeg die aansoek en vergelyk die leer met die betrokke module-inhoude, uitkomstes en krediete. Hulle kan die aansoek met redes verwerp, erkenning gee vir sekere module(s), aanbeveel dat die assesserings in sekere modules afgelê word (soos vir aansoekers vanaf 'n universiteit van tegnologie), en/of 'n persoonlike onderhoud aanvra wat as 'n mondelinge assessering beskou sal word. Tydens hierdie

onderhoud moet minstens twee akademiese personeellede teenwoordig wees. Die Fakulteitsekretaris sal skriftelike terugvoer aan aansoekers gee.

## **2.6 Verandering van studierigting**

Verandering van een graadprogram in ingenieurswese na 'n ander graadprogram in ingenieurswese is opnuut onderhewig aan keuring.

As gevolg van die gemeenskaplike eerste jaar, kan studente aan die einde van die eerste jaargang van 'n BIng (4jr) van studierigting verander, onderhewig aan keuring, sonder dat enige addisionele modules gedoen moet word. Oorskakeling van een studierigting na 'n ander vanaf die tweede jaar, impliseer met verloop van tyd 'n toenemende aantal modules wat ingehaal moet word.

Normaalweg benodig 'n student aan die einde van die eerste jaar van 'n BIng (4jr) minstens 0,75 HEMIS-krediete (dit beteken dat 75% van die modulekrediete in die eerstejaarprogram verwerf moet word) om 'n goeie kans te staan om toegelaat te word om van studierigting te verander. Studente in 'n BIng (4jr) wat alle modules van die eerste jaar in hulle eerste akademiese jaar geslaag het, sal outomaties gekeur word vir verandering van rigting, en soortgelyk vir studente in die tweede jaar van 'n BIng (VGP).

Aansoeke van ingeskrewe voorgraadse ingenieurstudente om van studierigting te verander moet skriftelik aan die Fakulteitsekretaris gerig word voor 13 Desember van die voorafgaande jaar.

Dit is die betrokke student se verantwoordelikheid om te kontroleer of die oorskakeling van een voorgraadse studierigting na 'n ander aan die voorskrifte van sy/haar beursgewers voldoen.

Die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) en die departementele voorsitters in die Fakulteit Ingenieurswese, is beskikbaar om aan studente leiding te gee aangaande die keuse van 'n spesifieke rigting.

Raadpleeg die Almanak in Deel 1 van die Jaarboek vir die laaste datum waarop programme gewysig mag word.

## **2.7 Hernuwing van inskrywing vir voorgraadse studente**

### *2.7.1 HEMIS-krediete*

Studente in voorgraadse programme moet ten minste 'n voorgeskrewe aantal HEMIS-krediete verwerf, en aan ander vereistes voldoen, om in die daaropvolgende jaar weer in te skryf. Een HEMIS-krediet is gelykstaande aan die totale vereiste aantal modulekrediete wat in 'n bepaalde jaargang van 'n BIng (4jr) voorgeskryf word.

As 'n student byvoorbeeld die module Beheerstelsels 314 (wat 15 krediete behels) slaag in die program in Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, met totale krediete van 150 vir die jaar, verwerf die student 0,1 HEMIS-krediete daarvoor. Dieselfde module besorg in die derde jaar van die program in Bedryfsingenieurswese 0,102 HEMIS-krediete, omdat 147 krediete vir die derde jaar van daardie program voorgeskryf word.

Bywoningsmodules, waarin geen assesserings afgeneem word nie, word nie in ag geneem by die berekening van HEMIS-krediete nie.

### 2.7.2 *Na een studiejaar in 'n BIng (4jr)*

Studente sal normaalweg slegs toegelaat word om in die daaropvolgende jaar vir die betrokke program in te skryf indien hulle:

- In die betrokke jaar minstens 0,6 HEMIS-krediete in voorgeskrewe modules van die eerste jaargang van die betrokke BIng-program verwerf het;
- waarvan ten minstens 0,2 HEMIS-krediete in die modules Toegepaste Wiskunde B 124, Toegepaste Wiskunde B 154, Ingenieurswiskunde 115 en Ingenieurswiskunde 145 was.

### 2.7.3 *Na twee of meer studiejare in 'n BIng (4jr)*

Studente in 'n BIng (4jr) moet na die ondergenoemde getal studiejare die aangeduide HEMIS-krediete verwerf het, om verder in die ingenieurswese alhier toegelaat te word:

- Na 2 jaar minstens 1,4 HEMIS-krediete
- Na 3 jaar minstens 2,2 HEMIS-krediete
- Na 4 jaar minstens 3,0 HEMIS-krediete
- Na 5 jaar minstens 3,6 HEMIS-krediete
- Na 6 jaar minstens 4,2 HEMIS-krediete

Bykomend tot die vereiste HEMIS-krediete, geld die volgende vereistes vir hernuwing van inskrywing:

- Studente sal normaalweg ná twee jaar van voltydse studie verder tot die program toegelaat word slegs indien hulle al die voorgeskrewe modules van die eerste studiejaar geslaag het.
- Studente sal normaalweg ná vier jaar van voltydse studie verder tot die program toegelaat word slegs indien hulle ál die voorgeskrewe modules van die eerste en tweede studiejare geslaag het.
- Studente wat na ses jaar se voltydse studie nie 'n BIng (4jr) suksesvol voltooi het nie, sal normaalweg nie verder tot die program toegelaat word nie.
- Ondanks enige andersluidende bepalings sal studente normaalweg net verder as student toegelaat word indien hulle in die voorafgaande studiejaar minstens 0,4 HEMIS-krediete verwerf het.

### 2.7.4 *Na een studiejaar in 'n BIng (VGP)*

Studente in 'n BIng (VGP) sal slegs tot die tweede jaar van die program toegelaat word indien hulle alle modules van die eerste jaar geslaag het, met 'n prestasievlak soos deur die Fakulteit bepaal en aan die studente gekommunikeer word aan die begin van die betrokke akademiese jaar.

### 2.7.5 *Na twee of meer studiejare 'n BIng (VGP)*

Studente wat 'n BIng (VGP) volg, moet na die ondergenoemde getal studiejare die aangeduide HEMIS-krediete verwerf het (die uiteensetting hieronder beskou die eerste jaar van 'n BIng (VGP) as 1 HEMIS-krediet), om verder in die ingenieurswese alhier toegelaat te word:

- Na 2 jaar minstens 1,60 HEMIS-krediete
- Na 3 jaar minstens 2,40 HEMIS-krediete

- Na 4 jaar minstens 3,20 HEMIS-krediete
- Na 5 jaar minstens 4,00 HEMIS-krediete
- Na 6 jaar minstens 4,60 HEMIS-krediete
- Na 7 jaar minstens 5,20 HEMIS-krediete

Die ooreenstemmende verdere vereistes wat na twee studiejare in 'n BIng (4jr) geld, is hier ook van toepassing. Byvoorbeeld vereistes wat na twee jaar in 'n BIng (4jr) geld, geld na drie jaar in 'n BIng (VGP), en studente in 'n BIng (VGP) sal hulle normaalweg nie verder tot die program toegelaat word indien hulle dit nie binne sewe jaar se voltydse studie suksesvol voltooi het nie.

### 2.7.6 *Na onderbreking van studie*

Studente wat hulle studie in die ingenieurswese aan Universiteit Stellenbosch om welke rede ook al onderbreek, moet van nuuts af aansoek doen om toelating tot die graadprogram en sal van vooraf aan keuring onderworpe wees.

### 2.7.7 *Aansoek om hertoelating*

Studente wat nie aan die voorwaardes voldoen om hulle studie in BIng-programme aan hierdie Universiteit voort te sit nie, mag skriftelik aansoek doen om hertoelating tot die betrokke BIng-program. Sodanige aansoeke om hertoelating sal oorweeg word deur die Hertoelatingskomitee van die Universiteit, vir 'n aanbeveling aan die Uitvoerende Komitee (Senaat), slegs indien die aansoeke die Registrateur vóór 10 Januarie van die jaar waarin die studente hulle studie wil voortsit, bereik het.

'n Volledige opgaaf van redes, met stawende dokumentasie waar van toepassing, waarom die student hertoegelaat behoort te word, moet in elke aansoek gegee word.

Studente wat hulle studie vir 'n tydperk van drie jaar of langer onderbreek het, moet, indien hulle aansoeke om hertoelating suksesvol is, voor die begin van die akademiese jaar skriftelik by die Registrateur aansoek doen om erkenning van die modules wat tydens die aanvanklike tydperk van studie geslaag is.

## 2.8 **Toelating tot die studie in modules van 'n volgende jaargang**

Die volgende reëls geld vir studente wat 'n BIng (4jr) of BIng (VGP) volg en wat in een jaar wil registreer vir modules uit meer as een van die program se jaargange:

- Die gewone, newe- en slaagvoorvereistes moet bevredig word.
- Daar mag geen klas-, toets-, assesserings- of eksamenroosterbotsings wees nie.
- Studente mag vir hoogstens 100% van 'n normale akademiese belading per semester registreer (behalwe vir die uitsonderings wat hieronder bespreek word).
- Studente mag nie gelyktydig modules volg wat uit meer as twee agtereenvolgende jaargange van die graadprogram gekies is nie (byvoorbeeld 'n module van die derde jaargang mag nie gelyktydig met 'n module van die eerste jaargang gevolg word nie).
- Studente mag in enige gegewe semestermodules uit meer as een jaargang van die betrokke program volg slegs indien hulle al die modules van die meer junior jaargange reeds geslaag het of ook in daardie semester volg (byvoorbeeld 'n module van die eerste semester van die derde jaargang mag slegs gevolg word indien al die modules van die eerste semester van die eerste twee jaargange óf reeds geslaag is óf in die betrokke semester ook gevolg word).

Die volgende uitsonderings geld op die reëls hierbo, bo en behalwe die bepalings ten opsigte van die herhaling van 'n module in die afdeling Eksamen- en Promosiebegelings in Deel 1 van die Jaarboek:

- Wanneer roosterbetsings vir lesings, tutoriale of praktika voorkom, mag die voorsitter van die botsende module se tuisdepartement studente toelaat om vir die betrokke module te registreer.
- Studente wat aan die vereistes voldoen om vir die volle normale semester van 'n graadprogram te registreer, behalwe dat hulle nog een module in daardie semester van 'n vorige jaargang moet voltooi, en andersins bevredigend presteer het, kan deur die voorsitter van die program se departement, in oorleg met die Dekaan, op meriete toegelaat word om vir die addisionele module te registreer.

## **2.9 Verdere reëls**

### *2.9.1 Elektroniese sakrekenaars*

Elke student in die ingenieurswese moet vanaf die eerste jaar oor 'n goedgekeurde elektroniese sakrekenaar (soos in die Fakulteit se Algemene Begelings vir Voorgraadse Modules gespesifiseer) beskik. Slegs 'n voorgeskrewe tipe sakrekenaar mag gebruik word tydens toetse, hoof-assesserings en eksamens van die eerste en tweede studiejare van 'n BIng (4jr), asook in ander jaargange waar dosente dit vereis.

### *2.9.2 Residensievereiste*

Studente wat reeds oor toepaslike graadkwalifikasies beskik, moet minstens die finale twee akademiese jare van 'n goedgekeurde BIng-program aan hierdie Universiteit slaag, ter verkryging van die BIng-graad.

### *2.9.3 Dekaaansvergunningseksamens*

Die Fakulteit se reëls met betrekking tot Dekaaansvergunningseksamens word in die Fakulteit se Assesseringsreglement uiteengesit.

Studente moet aansoeke om 'n dekaaansvergunningseksamen per e-pos by die Fakulteitsekretaris indien sodra al hul prestasiepunte beskikbaar is. Die Fakulteitsekretaris sal die betrokke studente by wyse van eposse aan die studente se universiteit-e-posadresse in kennis stel of hul aansoeke toegestaan is.

Dekaaansvergunningseksamens word afgeleë op 'n datum en tyd wat deur die Dekaan bepaal word.

### *2.9.4 Verbetering van prestasiepunt*

In die geval van modules waarvoor slegs bevredigende bywoning vereis word, kan studente tot die einde van Januarie hul prestasie verbeter, onderhewig aan goedkeuring van die departementele voorsitter van die module se tuisdepartement.

In die geval van modules in die finale jaargang in die Fakulteit Ingenieurswese wat projekevaluering gebruik, mag die departementele voorsitter aan finalejaarstudente wat nie die betrokke module geslaag het nie, die geleentheid bied om *enige tyd ná die normale eksamengeleentheid in November* hul prestasiepunte te verbeter deur die werk wat deur die betrokke departement vir die verbetering voorgeskryf is, bevredigend af te handel. Die eksaminatore mag die verbeterde prestasiepunte *enige tyd ná die normale*

*eksamengeleentheid* inlewer vir tussentydse goedkeuring deur die Uitvoerende Komitee, met dien verstande dat hierdie vergunning beperk is tot hoogstens twee modules per student.

In die geval van soortgelyke modules in die Fakulteit Ingenieurswese van 'n nie-finale jaargang, of nie-finalejaar-studente, moet die verbetering van die prestasiepunt geskied in die raamwerk van die betrokke inleweringsdatums van prestasiepunte vir die Junie- of November-eksamens, indien die normale eksamengeleentheid in, onderskeidelik, Junie of November is.

## **2.10 Simbole gebruik in tabelle vir Baccalaureusgraadprogramme**

Die kredietwaarde en doseerbelading vir elke module word in die tabelle hieronder aangegee. Die simbole het die volgende betekenis:

- $l$  Aantal lesingsperiodes per week
- $p$  Aantal praktikumperiodes per week
- $t$  Aantal tutoriaalperiodes per week
- $s$  Aantal seminaarperiodes per week
- $h$  Beplande totale ure per week belading vir die student (kontaktyd en eie tyd)
- $k$  Kredietwaarde (SAKO-krediete: Totale ideële ure vereis van die student om die module te voltooi, gedeel deur 10)

Lesing-, seminaar- en enkel tutoriaalperiodes (normaalweg in die oggend) duur 50 minute. Vir opeenvolgende praktikum- en tutoriaalperiodes geld die volgende:

- Die tienminute-pouses ná periodes word ingesluit in die kontaktyd. 'n Belading van 2,25 vir opeenvolgende tutoriale of praktika in die middag beteken dat studente om 14:00 begin en teen 16:15 klaarmaak. 'n Belading van 2,5 opeenvolgende tutoriale of praktika in die middag beteken dat die studente om 14:00 begin en teen 16:30 klaarmaak.
- 'n Belading van 0,75 beteken tipies dat die studente elke tweede week 'n halwe middag tutoriaal of prakties doen (1 uur 20 min tot 1 uur 30 min) of elke vierde week 'n volle middag van drie uur.
- Met die opstel van die klasrooster word 'n lokaal vir die nodige aantal periodes beskikbaar gestel, byvoorbeeld 3 periodes vir 2,25 aaneenlopende tutoriale.

## 2.11 Kurrikulum van BIng (4jr) se eerste jaar

Die kurrikulum is dieselfde vir alle rigtings:

*Eerste Semester*

	<i>l</i>	<i>p</i>	<i>t</i>	<i>s</i>	<i>h</i>	<i>k</i>
Ingenieurschemie 123	4.00	0.00	2.00	0.00	12.00	15
Ingenieurstekeninge 123	1.00	3.00	3.00	0.00	12.00	15
Ingenieurswiskunde 115	5.00	0.00	2.00	0.00	12.00	15
Professionele Kommunikasie 113	3.00	0.00	2.00	0.00	9.00	12
Toegepaste Wiskunde B 124	4.00	0.00	2.00	0.00	12.00	15
TOTALE	17.00	3.00	11.00	0.00	57.00	72

*Tweede Semester*

	<i>l</i>	<i>p</i>	<i>t</i>	<i>s</i>	<i>h</i>	<i>k</i>
Elektrotegniek 143	3.50	1.50	1.50	0.00	12.00	15
Ingenieurswiskunde 145	5.00	0.00	2.00	0.00	12.00	15
Rekenaarprogrammering 143	3.00	2.00	0.00	0.00	9.00	12
Sterkteleer 143	4.00	0.00	2.00	0.00	12.00	15
- **J** dui die jaargang aan waarbinne die module normaalweg aangebied word. In die geval van modules vir honneursgraadprogramme of nagraadse diplomas is  $J=7$ , vir magistergraadprogramme is  $J=8$ , en vir doktorsgraadprogramme is  $J=9$ . In die voorbeeld word Ingenieurswiskunde 145, met  $J=1$ , in die eerste studiejaar aangebied.
- **S** dui die semester aan:  $S=1, 2$  of  $3$  dui 'n eerstesemestermodule aan,  $S=4, 5$  of  $6$  dui 'n tweedesemestermodule aan, en  $S=7, 8$  of  $9$  dui 'n jaarmodule aan. Ingenieurswiskunde 145, met  $S=4$ , word in die tweede semester aangebied.
- **H** is bloot 'n hulppommer wat tussen verskillende modules onderskei. Vir Ingenieurswiskunde 145 is  $H=5$ .

**Verdere Differensiaal- en Integraalrekening** dui die **module-onderwerp** aan.

Die getal tussen hakies wat volg op die module-onderwerp, **(15)**, dui die **kredietwaarde** van die module aan. In die voorbeeld kan 'n student **15 krediete** verwerf deur Ingenieurswiskunde 145 te slaag. Die **kredietwaarde** (SAKO-definisie) is een tiende van die aantal ure se werk wat tipies deur 'n student benodig sal word om die module te voltooi (ingesluit toetse, eksamens en kontaksessies, soos lesings). 'n Module met 'n kredietwaarde van 15 sal dus ongeveer 150 ure se werk vereis.

**A & E** dui die **taalspesifikasie** van Ingenieurswiskunde 145 aan. Die onderskeie taal-spesifikasies word hier uiteengesit: <http://www.sun.ac.za/taal>.

Die **doseerlading** (*5 l, 0 p, 2 t, 0 s per week*) se betekenis word uiteengesit in Afdeling 2.10.



Die **metode van assessering** word normaalweg na die inhoudsbeskrywing van elke module gegee. Indien 'n metode van assessering nie by 'n module aangedui word nie, dan geld die verstekmetode, naamlik Eksamen met  $P=0,4K+0,6E$ . In sommige modules sal Buigsame Assessering egter gebruik word, al is dit nie so aangedui nie, omdat die Fakulteit deelneem aan proeftoepassings van Buigsame Assessering.

Verwys na die volgende afdeling vir besonderhede oor die bepaling van prestasiepunte. Die simbole in die **prestasiepuntformule**, wat by sommige modules gegee word, het die volgende betekenis:

- P = prestasiepunt
- K = klaspunt
- E = eksamenpunt

Die **vereiste modules** dui die vereistes aan waaraan studente moet voldoen voordat hulle vir die bepaalde module mag inskryf. Daar is drie tipes vereistes, wat onderskeidelik met die letters *S*, *V* en *N* aangedui word, naamlik.

- S: Slaagvoorvereiste module  
'n Module wat 'n student eers moet slaag alvorens die module, waarvoor dit 'n slaagvoorvereiste is, gevolg mag word.
- V: Voorvereiste module  
'n Module waarin 'n klaspunt van minstens 40, indien die eksamenstelsel vir die module gebruik word, of 'n prestasiepunt van minstens 40, indien ander assesseringsmetodes gebruik word, behaal moet word alvorens die studie in die module waarvoor dit 'n voorvereiste is, voortgesit mag word.
- N: Newevereiste module  
'n Module wat vóór of in dieselfde semester gevolg moet word as die module waarop dit betrekking het. Dus moet 'n voorvereiste module geslaag word alvorens die betrokke graad of diploma verwerf kan word.

Vir sommige modules word 'n departement se goedkeuring (byvoorbeeld finalejaars-toelating) ook vereis voordat 'n student vir 'n module mag inskryf.

## 4.2 Bepaling van prestasiepunte

'n Student se prestasie in 'n module word normaalweg volgens die eksamenstelsel, buigsame assesseringstelsel of die stelsel van deurlopende assessering bepaal. Die Universiteit se regulasies hieroor verskyn in Deel 1 van die Jaarboek.

In die Fakulteit Ingenieurswese mag die klaspunt, wat deur middel van toetse, take, ontwerpe en projekverslae bepaal word, ook as prestasiepunt geld in sekere modules. Hierdie metode om die prestasiepunt te bepaal staan bekend as projekevaluering.

Daar is ook modules waar slegs bevredigende bywoning vereis word. Geen prestasiepunt word toegeken nie. Alle taakopdragte moet bevredigend uitgevoer word voordat die student met die module gekrediteer sal word.

In sommige modules is daar uitkomst wat behaal moet word om die betrokke module te slaag, maar wat nie deur die gebruikelike prestasiepuntformule ondervang word nie. Subminima op sekere assesserings (of dele van assesserings) word dan gebruik om die behaling van uitkomst te meet. Indien 'n student nie so 'n uitkoms behaal het nie (met

ander woorde, nie die ooreenstemmende subminimum bevredig het nie), sal die student se prestasiepunt nie hoër as 45 in daardie module mag wees nie. Indien 'n student, tydens of na afloop van die semester se klasse, as gevolg van sodanige subminimum nie meer 'n module kan slaag nie, dan sal die student normaalweg nie toegelaat word tot verdere assesseringsgeleentede in die betrokke module nie. Dit mag meebring dat 'n student se klaspunt beperk word tot 35 of laer in eksamenmodules.

### **4.3 Module-inhoude**

#### **53937 BEDRYFSBESTUUR**

##### **354 Bedryfsbestuur (15)**

*A+i (3.00 l, 0.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Bedryfsdinamika en die waardeketting, besigheidsprosesherontwerp, die voorsieningsketting en logistieke bestuur, inligtingstegnologie en e-handel binne die raamwerk van 'n formele ERP-stelsel.

*Tuisdepartement: Bedryfsingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Produksiebestuur 314*

#### **44792 BEDRYFSERGONOMIE**

##### **414 Bedryfsergonomie (15)**

*A+i (3.00 l, 0.00 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Operasie-analise, werkstandaarde, verkorting van opsteltyd, opleidingspraktyke, vergoeding, antropometrie, werkstasie- en gereedskapontwerp, mens-masjien-intervlakke, werkfisiologie en biomeganika, die werksomgewing, kognitiewe werk, skofwerk, aspekte van beroeps-gesondheid.

*Tuisdepartement: Bedryfsingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

#### **10618 BEDRYFSPRAKTYK**

##### **442 Bestuur en Organisasiegedrag (8)**

*E+i (2.00 l, 0.00 p, 1.00 t, 0.00 s per week)*

Organisasie van werk en mense, organisasiekultuur, motiveringsbeginsels, motiveringspraktyke, bou van groepe in spanne, konflikbestuur en onderhandeling, bestuur van organisasieverandering, oorsig oor arbeidswetgewing, lesings op uitnodiging deur ingenieurs uit die praktyk.

*Tuisdepartement: Bedryfsingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*Finalejaartoelating*

## **47422 BEDRYFSPROGRAMMERING**

### **244 Bedryfsprogrammering (15)**

*A+i (2.00 l, 0.00 p, 3.00 t, 0.00 s per week)*

Gebruik van sigblaai: datamanipulasie, numeriese metodes, grafieke, basiese finansiële berekeninge, beplanning en ontleding van scenario's en optimering. Visual Basic for Applications vir sigbladgebruik. Basiese rekenaarkommunikasie. Teorie en toepassing van vooruitskatting met die klem op sigbladtoepassings.

*Tuisdepartement: Bedryfsingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Ingenieurswiskunde 145*

## **25445 BEDRYFSPROJEK**

### **498 Bedryfsprojek (30)**

*T (0.00 l, 0.00 p, 0.00 t, 1.00 s per week)*

Selfstandige uitvoering van 'n teoretiese en/of praktiese ondersoek op die gebied van die bedryfsingenieurswese met die voorlegging van 'n omvattende verslag. Die projek loop oor die finale jaar, met 30% van die tyd bestee in die eerste semester, en 70% in die tweede semester.

*Tuisdepartement: Bedryfsingenieurswese*

Metode van Assessering: Projek

Vereiste Modules:

*Finalejaartoelating*

## **23965 BEHEERSTELSELS**

### **314 Beheerstelsels (15)**

*A+i (3.00 l, 1.50 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Klassieke terugvoerbeheer van dinamiese stelsels; terugvoerbeheerargitektuur; dinamiese modellering van meganiese, elektroniese, en elektro-meganiese stelsels; oordragsfunksies; blokdiagramme; stabiliteit; oorgangsverskynsels en gestadigde toestand fout; wortellokus-analise en -ontwerp; frekwensieweergawe-analise en -ontwerp; PID-beheerders; voorloop- en naloopkompensasie.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Ingenieurswiskunde 214*

### **344 Beheerstelsels (15)**

*A+i (3.00 l, 1.50 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Kontinue toestandveranderlike modelle, analise en sintese; kontinue waarnemers; oorgangs- en gestadigde gedrag van toestandveranderlike voorstellings; poolplasing vir eindige tydweergawes; diskrete stelsels, Z-transforms; ZOH-bane; verskilvergelykings; emulasie-

ontwerp; diskrete wortellokus; diskrete toestandruimte-analise en -ontwerp; praktiese oorwegings: A/D- en D/A-omsetters, kwantisering en teen-oorvleuelingfilters.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Beheerstelsels 314*

### **354 Ontwerp van Beheerstelsels vir Meganiese en Megatroniese Stelsels (18)**

*E+i (4.00 l, 1.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Ontwerp van beheerstelsels: PID-beheerders; wortellokusontwerp; voorloop en naloopkompensasie; frekwensieweergawe-ontwerp. Kontinue toestandveranderlike modelle, analise en sintese; kontinue waarnemers; oorgangs- en gestadigde gedrag van toestandveranderlike voorstellings; poolplasingstegnieke. Diskrete beheerstelsels, Z-transforms; ZOH-bane; verskilvergelykings; diskrete wortellokus; praktiese oorwegings: A/D- en D/A-omsetters en filters.

*Tuisdepartement: Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Modelling 334*

### **414 Beheerstelsels (15)**

*A+i (3.00 l, 1.00 p, 1.00 t, 0.00 s per week)*

Modellering van nie-lineêre stelsels; analise en sintese d.m.v. beskrywingsfunksies, fasevlak en Lyapunov se metodes. Diskrete toestandveranderlike modelle vir gemonsterde aanlegte, poolplasingsterugvoer en waarnemeranalise en -sintese vir reguleerders en servovolgers. Optimale LQR- en Kalman-waarnemeranalise en -sintese.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Beheerstelsels 344*

## **39020 BOUMATERIALE**

### **254 Basiese Boumateriaalpraktyk (15)**

*A+i (3.00 l, 2.00 p, 1.00 t, 0.00 s per week)*

Samestelling, vervaardiging, meganiese gedrag en duursaamheid van konstruksiemateriale in die siviele ingenieurswese, waaronder beton, hout, messelwerk, polimere en staal; toetsmetodes vir kontrolering en karakterisering.

*Tuisdepartement: Siviele Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Ingenieurschemie 123*

## 11479 CHEMIE

### 176 Inleiding tot Chemie (32)

*A & E (3.00 l, 3.00 p, 0.00 t, 0.00 s per week)*

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc (Verlengde Graadprogram) en die volgende temas word behandel: Klassifikasie van materie; atome, molekule en ione; stoïgiometrie; reaksies in waterige oplossings; atoomstruktuur; chemiese binding; sure en basisse; periodieke tabel. Voorbeelde wat die belangrikheid en relevansie van wetenskap as 'n alledaagse verskynsel illustreer.

*Tuisdepartement: Chemie en Polimeerwetenskap*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

## 48321 CHEMIE C

### 224 Industriële Chemie I (15)

*E+i (4.00 l, 2.00 p, 0.00 t, 0.00 s per week)*

*8 Praktika per semester*

Bindingsmodelle; vastetoestandchemie; chemie in oplossing; inleiding tot koördinasie-chemie. Termochemie, chemiese en fase-ewewig, ideale en elektrolitiese oplossings, elektrochemie, saambindende fisiese eienskappe, elementêre chemiese kinetika.

*Tuisdepartement: Chemie en Polimeerwetenskap*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*S Ingenieurschemie 123*

### 254 Industriële Chemie II (15)

*E+i (4.00 l, 2.00 p, 0.00 t, 0.00 s per week)*

*8 Praktika per semester*

Organiese chemie: Basiese nomenklatuur, inleiding tot die bereiding en reaksies van o.a. alkene, alkyne, alkielhaliede, alkohole, aldehiede, ketone, karboksiesure, esters. Inleiding tot polimeerchemie: Chemie van polimerisasie-reaksies, o.a. poliësters, poliamiede.

*Tuisdepartement: Chemie en Polimeerwetenskap*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Chemie C 224*

## 11576 CHEMIESE INGENIEURSWESE

### 224 Beginsels en Prosesse van Chemiese Ingenieurswese (15)

*E+i (3.00 l, 0.00 p, 3.00 t, 0.00 s per week)*

Inleiding tot prosesse en ontwerp; prosesmodellering met gebruik van behoudswette; metodes vir die analise van chemiese prosesse.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Ingenieurschemie 123*

*N Termodinamika A 214*

### **254 Massa- en Energiebalanse (15)**

*E+i (3.00 l, 0.00 p, 3.00 t, 0.00 s per week)*

Massabalanse, ongestadigde massabalanse, energiebalanse, reaksiewarmte en oploswarmte, energiebalanse oor prosesstelsels, gekombineerde massa- en energiebalanse, nie-ideale gasse en saamdrukbaarheidskaarte, stoomtabelle en fisiese eienskappe van chemiese komponente. Tuisopdragte in die vorm van selfstudies, tutoriaalprobleme, ontwerpe of seminarie vorm 'n integreerende deel van die module.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*S Chemiese Ingenieurswese 224*

*V Ingenieurswiskunde 214*

### **264 Vloeimeganika vir Chemiese Ingenieurs (15)**

*E+i (3.00 l, 0.00 p, 3.00 t, 0.00 s per week)*

Fisiese eienskappe van vloeistowwe en gasse; vloeistofstatika; vloeistofkinematika; vloeistofdinamika; kontinuïteits-, momentum- en energievergelykings; dimensionele analise; viskeuse vloei in pype en geslote kanale; wrywingskaarte; vloei in nie-ronde kanale, vloeiemeting; verliese in pypstelsels, serie- en parallelle pype; grenslae; stromingsmasjiene; ontwerp van pomp en pypstelsels; samedrukbare vloei; pypstelsels en bybehore.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Ingenieurswiskunde 214*

*V Termodinamika A 214*

*V Toegepaste Wiskunde B 224*

### **271 Aanvullende Studies (15)**

*A & E (3.00 l, 0.00 p, 3.00 t, 0.00 s per week)*

Die inhoud van die module word volgens individuele studente se behoeftes gereël.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

### **316 Reaktoringenieurswese I (15)**

*A+i (3.00 l, 1.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week), 1 Praktikum per semester*

Chemiese reaktorteorie; homogene en heterogene reaksies; die reaksiesnelheidsvergelyking; vertolking van enkelladingsreaktordata; beginsels van reaktorontwerp; ideale enkelladings-, propvloei- en konstantstromende geroerde tenkreaktore; ontwerp vir enkelvoudige en komplekse reaksies; invloed van temperatuur en druk; nie-ideale stroming; biochemiese reaktore. Tuisopdragte in die vorm van selfstudie, tutoriaalprobleme, ontwerpe of seminarie vorm 'n integreerende deel van die module.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*N Chemiese Ingenieurswese 317*

*N Warmteoordrag A 326*

### **317 Termodinamika (15)**

*E+i (3.00 l, 1.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week), 1 Praktikum per semester*

Toestandvergelykings van werklike gasse en termodinamiese transformasie-verwantskappe, termodinamiese eienskappe van suiwer komponente, mengreëls vir nie-ideale dampmengsels, damp-vloeistof-ewewigte, teorie en toepassing van oplossingstermodinamika, chemiese reaksie-ewewig, multikomponent-multifase-ewewig met toepassing in vastestof-vloeistof-dampsisteme, verkoeling. Simulasie van fase-ewewig en reaksie-ewewig op rekenaar m.b.v. standaardprosessimulasiepakette.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*S Chemiese Ingenieurswese 254*

*S Chemiese Ingenieurswese 264*

*S Termodinamika A 214*

*Enige twee van die drie modules hierbo word vereis.*

*V Chemiese Ingenieurswese 254*

*V Chemiese Ingenieurswese 264*

*V Ingenieurswiskunde 214*

*V Ingenieurswiskunde 242*

*V Termodinamika A 214*

### **324 Bio-prosesingenieurswese (15)**

*E+i (3.00 l, 1.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Chemiese samestelling van selle; selstruktuur van prokariotiese en eukariotiese selle; mikrobiiese teltegnieke; groei en inhibisie van selgroei; biochemiese makromolekules en hulle funksies; bronne, vervoer en stoor van sel energie; metabolisme; transkripsie en translasië; basiese rekombinante-DNA-tegnologie. Prosesontwerpvergelykings vir enkellading (lot), semi-enkellading en kontinue biologiese prosesse; konsepte van endogene respirasie en onderhoudsenergie; meet en voorspelling van die tempo van suurstofoordrag in bioreaktore; bioreaktoropskalering, termiese sterfte- en degradasie-kinetika; lot en kontinue sterilisasie; stroomaf prosessering.

[Aangebied deur die Departement Mikrobiologie (40%) en die Departement Prosesingenieurswese (60%)]

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Chemiese Ingenieurswese 254*

*N Chemiese Ingenieurswese 316*

### **344 Modelling en Optimering (15)**

*E+i (3.00 l, 0.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Gestadigde en ongestadigde massa-, energie- en momentumbalanse. Modelling en simulasië van geïntegreerde proseseenhede. Prosesintegrasie.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*  
Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Chemiese Ingenieurswese 254*

*N Chemiese Ingenieurswese 316*

*V Ingenieurswiskunde 214*

*V Ingenieurswiskunde 242*

*V Numeriese Metodes 262*

### **354 Reaktoringenieurswese II (15)**

*A+i (3.00 l, 0.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Energiebalanse in reaktorontwerp; nie-gestadigde toestand; ontwerp van heterogene reaksiesisteme; vastestof-katalisatorreaksies; deaktivering van katalisatore; massa-oordragbeperkings; vloeistof-partikel-reaksies; vloeistofreaksies. Tuisopdragte in die vorm van selfstudie, tutoriaalprobleme, ontwerpe of seminare vorm 'n integrerende deel van die module.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Chemiese Ingenieurswese 316*

### **367 Massa-oordragoperasies (15)**

*E+i (3.00 l, 0.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Distillasie; enkellading- en kontinue distillasie; McCabe-, Thiele- en Ponchon-Savarit-grafiese metodes; multikomponente-distillasie; plaat- en gepakte kolomme; gasabsorpsie; ander massa-oordragseenheidswerkinge, bestaande uit 'n seleksie van verkoelingstorings, droging, vloeistof-vloeistof-ekstraksie, en adsorpsie. Tuisopdragte in die vorm van selfstudie, tutoriaalprobleme, ontwerpe of seminare vorm 'n integrerende deel van die module.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Chemiese Ingenieurswese 264*

*V Chemiese Ingenieurswese 317*

### **371 Aanvullende Studies (15)**

*A & E (1.00 l, 0.00 p, 0.00 t, 0.00 s per week)*

Die inhoud van die module word volgens individuele studente se behoeftes gereël.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

### **412 Materiaalingenieurswese vir Chemiese Ingenieurs (8)**

*E+i (2.00 l, 0.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Seleksie van materiale vir chemiese ingenieurswese; korrosie ingenieurswese.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*S Al die voorgeskrewe modules van die eerste twee jaar van die betrokke BIng-program.*



#### **414 Prosesontwerp (15)**

*A+i (3.00 l, 0.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Metodiek van konseptuele prosesontwerp insluitend duimreëls vir skeidingsisteme; gevorderde massa- en energiebalans-diagramme vir geïntegreerde eenheidsoperasies; aanlegplan; pyp- en toerustinguitleg en seleksie vir multifasettransport en -prosessering, pyp- en instrumentasie-diagramme; verliesbeheer; risikoanalise; voorlopige gevaaranalise en inherent veilige prosesontwerp, HAZOP- en HAZAN-studies; kapitaalkosteberaming, tydwaarde van geld, verdiskonteerde kontantvloei, netto huidige waarde, wins-gewendheidsmaatstawwe; gevallestudies.

Tuisopdragte in die vorm van selfstudie, tutoriaalprobleme, ontwerpe of seminare vorm 'n integreerende deel van die module.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Deurlopende Assessering

Vereiste Modules:

*N Chemiese Ingenieurswese 316*

*N Chemiese Ingenieurswese 367*

*N Warmteoordrag A 326*

#### **426 Prosesbeheer (15)**

*E+i (3.00 l, 1.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week), 1 Praktikum per semester*

Dinamiese gedrag van prosesse en toerusting; meetinstrumente; kleppe; toepassing van Laplace-transforms; blokdiagramme; stabiliteitskriteria; multiveranderlike beheerstelsels; nie-linêre beheerstelsels; toestandruimte-analise; digitale prosesbeheer; optimale beheer; prosesidentifikasie; simulasie/ontwerp van beheerstelsels op die rekenaar (PR).

Tuisopdragte in die vorm van selfstudie, tutoriaalprobleme, ontwerpe of seminare vorm 'n integrale deel van die module.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Chemiese Ingenieurswese 316*

*V Chemiese Ingenieurswese 344*

*S Ingenieurswiskunde 242*

#### **478 Finalejaarprojek (30)**

*A & E (0.00 l, 6.00 p, 0.00 t, 0.00 s per week)*

*(0.00 l, 2.00 p, 0.00 t, 0.00 s per week in Semester 1), (0.00 l, 6.00 p, 0.00 t, 0.00 s per week in Semester 2)*

Elke student moet 'n selfstandige skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp voltooi.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Projek

Vereiste Modules:

*Finalejaartoelating*

## 41696 CHEMIESE INGENIEURSWESE D

### 244 Eksperimentele Ontwerp (15)

*E+i (3.00 l, 2.00 p, 1.00 t, 0.00 s per week)*

*8 Praktika per semester*

Veranderlikheid van metings; tabellering, voorstelling en beskrywing van waarnemings; diskrete en kontinue variatie en hul waarskynlikheidsmodelle; binomiaal-, negatief binomiaal-, Poisson-, eksponensiaal- en normaalverdelings; betroubaarheidsteorie; simulasie en pas van waarskynlikheidsmodelle; steekproef-verdelings en beraming van parameters; vertrouensintervalle; die meting van verwantskappe; eenvoudige lineêre regressie- en korrelasie-analise; beraming deur die metode van kleinste kwadrate; beginsels van kwaliteitskontrolle. Statistiese ontwerp van eksperimente. Statistiese analise van eksperimentele data. Uitvoering van Chemiese Ingenieurswese-eksperimente op proefaanleg skaal; verslagskrywing en rekenaarsimulasies.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Projek

Vereiste Modules:

*N Chemiese Ingenieurswese 224*

*N Chemiese Ingenieurswese 264*

### 356 Proefaanleg-praktika III (15)

*E+i (1.00 l, 6.00 p, 0.00 t, 0.00 s per week)*

*6 Praktika per semester*

Uitvoering van praktiese eksperimente op proefaanleg skaal. Evaluasie, interpretasie en skryf van volledige tegniese verslae oor sodanige eksperimente. Monsterneming en praktiese data-interpretasie op chemiese aanlegte (2 l).

[Aangebied deur die Departement Prosesingenieurswese (85%)]

Tegniese in analitiese chemie: beginsels van analise, keuse van analitiese metode, monster-voorbereiding. Uitgekoese metodes o.a. UV/vis-, AA- en massaspektroskopie, -chromatografie, ICP (8 l, 3 demonstrasies).

[Aangebied deur die Departement Chemie en Polimeerwetenskap (15%)]

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Projek

Vereiste Modules:

*N Chemiese Ingenieurswese 316*

*N Chemiese Ingenieurswese 367*

*N Mineriaalprosessering 345*

*N Warmteoordrag A 326*

## 41726 EINDIGE-ELEMENT-METODES

### 414 Eindige-element-metodes (Keusemodule) (15)

*E+i (3.00 l, 1.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Hersiening van basiese sterkteleerteorie; beginsel van virtuele werk; stang- en balk-elemente; vlakelemente; isoparametriese formulerings; 3D-elemente; aksiaal-simmetriese elemente; dop- en plaalemente; strukturele simmetrie; dinamiese analise; knikanalise; gebruik van eindige-element-programmatuur om eenvoudige probleme op te los.

*Tuisdepartement: Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese*  
Metode van Assessering: Deurlopende Assessering

Vereiste Modules:  
*V Sterkteleer W 334*

## **11949 ELEKTRIESE AANDRYFSTELSELS**

### **324 Beginsels van Elektriese Masjiene en Drywingselektronika (15)**

*A+i (3.00 l, 1.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Nie-ideale transformatormodel; inleiding tot masjienebeginsels; wisselstroommasjienebeginsels; basiese werking in die bestendige toestand van sinchroongenerators, sinchroommotors en induksiemotors; wisselrigter-gevoerde induksiemasjieneaandrywing; basiese werking in die bestendige toestand van gelykstroommotors en gelykstroomgenerators; omsetter-gevoerde gelykstroommasjieneaandrywing; basiese werking van enkelfasemotors en stappermotors.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*  
Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:  
*V Elektrotegniek 214*

## **51357 ELEKTROMAGNETIKA**

### **314 Elektromagnetika (15)**

*A+i (3.00 l, 1.50 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Elektrostatika; magnetostatika; Ohmiese geleiding; Lorentz-kragwet; wette van Coulomb, Ampère, Faraday en Gauss; Maxwell-vergelykings; kapasitansie; induktansie.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*  
Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:  
*V Toegepaste Wiskunde B 224*  
*V Toegepaste Wiskunde B 242*

### **344 Elektromagnetika (15)**

*A+i (3.00 l, 1.50 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Maxwell se vergelykings; elektromagnetiese golwe; transmissielyne; antennas.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*  
Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:  
*V Elektromagnetika 314*

## **12491 ELEKTRONIKA**

### **245 Elektronika (15)**

*A & E (3.00 l, 1.50 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Halfgeleierfisika; pn-vlak; diode bane; bipolêre transistors; kleinsein- dinamiese transistormodelle; ideale operasionele versterkers.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Elektrotegniek 214 of V Stelsels en Seine 214*

### **315 Elektronika (15)**

*A+i (3.00 l, 1.50 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Enkelstadium-transistorversterkers; vlak-VET's en MOSVET's; frekwensieweergawe van versterkers; transistorskakelaars; filters.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Elektronika 245*

### **365 Elektronika (15)**

*A+i (3.00 l, 1.50 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Drywingsversterkers, stroombronne, verskilversterkers, terugvoerversterkers en stabiliteit, nie-ideale operasionele versterkers, ossillators en golfvormers.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Elektronika 315*

### **414 Elektronika (15)**

*A+i (3.00 l, 1.00 p, 1.00 t, 0.00 s per week)*

Die terminaal-eienskappe van drywingselektroniese skakelaars; die werking, analise en ontwerp van tiristorbeheerde gelykrygters; basiese GS-na-GS-kapperbane: die afkapper, opkapper en op-af-kapper; halfbrug-, volbrug- en driefase-wisselrygters; drywings-elektroniese kragbronne; basiese induktor- en transformatorontwerp; simulاسie en geslotelusbeheer van kapperbane.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Beheerstelsels 314*

*V Elektronika 365*

## **12599 ELEKTROTEGNIK**

### **143 Inleiding tot Stroombaanteorie en Elektriese Masjiene (15)**

*A & E (3.50 l, 1.50 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Kirchhoff se wette; knooppuntspanningsanalise en maasstroomanalise; superposisie; Thevenin- en Norton-ekwivalente; eenvoudige RC- en GS-stroombane; sinusvormige seine en fasors; WS-stroombaanalise; drywing en energie; magnetiese bane; ideale transformators; inleiding tot elektriese masjiene.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

## **214 Elektrotegniek (15)**

*A & E (3.00 l, 1.50 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Wisselstroomteorie; fasors; oorgangsverskynsels van eerste- en tweede-orde-RLC-stroombane; resonansie; laagdeurlaat-, hoogdeurlaat- en banddeurlaafilters; Bode-diagramme; wisselstroomdrywing; komplekse drywing; arbeidsfaktor en arbeidsfaktorverbetering; ideale transformator; driefase-wisselstroomteorie; driefase-drywing; ster- en deltageskakelde gebalanseerde en ongebalanseerde laste; laagspanningsdistribusie; aarding; oorstroom- en aardfoutbeskerming; opwekking van elektrisiteit; transmissie; koste van elektrisiteit; magnetiese bane; B-H-krommes; elektromeganika; elektromeganiese aktueerders (solenoides); ideale operasionele versterkers.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Elektrotegniek 143*

## **43915 ENERGIESTELSELS**

### **244 Elektriese Energiestelsels (15)**

*A+i (3.00 l, 1.50 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Inleiding tot kragstelsels; enkelfasige- en driefasigewisselstroomteorie; kragtransformators; per-eenheid-stelsel; simmetriese komponente; modellering van transmissielynne; bestendige bedryf van transmissielynne.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Stelsels en Seine 214*

### **344 Energieomsetting (15)**

*A+i (3.00 l, 1.50 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Inleiding tot elektriese masjienstelsels; WS-masjienbeginsels; bestendigtoestandwerking van sinchroon- en induksiemasjiene; GS-masjienbeginsels; bestendigtoestandwerking van GS-masjiene; die omsettegevoerde GS-masjienstelsel; die omsettegevoerde induksiemasjienstelsel; dq0-transformasie; dq0-WS-masjienmodellering en -dinamika.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Energiestelsels 244*

### **414 Hernubare-energiestelsels (15)**

*E+i (3.00 l, 1.00 p, 1.00 t, 0.00 s per week)*

Inleiding tot bronne van hernubare energie; beginsel van hernubare-energie-drywingsomsetting; kommersieel lewensvatbare hernubare-energie-tegnologieë; grootteskikking en ontwerp van hernubare-energiestelsels; maksimum-drywingspuntbeheer-tegnologie; drywingskondisie en netwerkintegrasie van hernubare-energiestelsels; ekonomiese voordele en omgewingsimpakwaardering.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*N Elektronika 414*

*V Energiestelsels 344*

### **424 Elektriese Energiestelsels (15)**

*A+i (3.00 l, 1.00 p, 1.00 t, 0.00 s per week)*

Kragstelsels: drywingsvloei studies; simmetriese en onsimmetriese foute, kragstelsel-beveiliging; kragstelselstabiliteit. Hoogspanning: HS-meettoerusting; meettegniek en toetse; insulasiekoördinasie; teorie en eienskappe van isoleermateriale; elektriese ontladings.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Energiestelsels 244*

*V Energiestelsels 344*

## **51365 ENERGIESTELSELS M**

### **434 Meganiese Energiestelsels (15)**

*A+i (3.00 l, 1.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Termodinamiese verwantskappe vir ideale en nie-ideale gasse, Joule-Thompsonsnoeffek; verdere toepassings van mengsel in die psigrometrie van lugreëling- en koeltoringstelsels; massa- en warmtebalans van reaktiewe stelsels; beginsels van binnebrandenjins. Ketels-, pomp- en atmosferiese verkoelingstelsels; gevorderde analise van damp- en kombinasiedrywingkringlope; Stirlingkringloop; drukwater- en kieselbed-modulêre-atoomreaktor-gebaseerde kringlope; inleiding tot sonenergie, analitiese bepaling van beskikbare stralingsenergie; sentrale ontvanger; paraboliese trog- en sontoring-kragstasiekringlope. Wind- en oseaanenergie.

*Tuisdepartement: Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Termovloeidinamika 344*

## **59455 ENTREPRENEURSKAP (ING)**

### **444 Entrepreneurskap (Ing) (15)**

*A+i (3.00 l, 0.00 p, 3.00 t, 0.00 s per week)*

Besigheidstrategie: Besigheid as 'n stelsel; lewensiklusse; kompetendheidsvoorspellings, marktoetrede- en portefeuljebesluite; langtermynwingsgewendheid; bemarkingsbestuur; inleiding tot organisasieteorie. Finansiële bestuur: tydwaarde van geld, basiese konsepte van verdiskontering; ekonomiese analise van beleggingsvoorstelle; inleiding tot finansierings- en dividendbesluite.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Projek

## **65609 FILOSOFIE EN ETIEK**

### **314 Filosofie en Etiek (12)**

*A+i (3.00 l, 3.00 p, 1.00 t, 0.00 s per week)*

Kultuur en tegnologie, toegepaste etiek, sosiale filosofie.

Deelname aan spesifieke gemeenskapsprojekte of leierskapsopleiding verwant aan gemeenskapsdiensprojekte.

[Aangebied deur die Departement Filosofie (67%) en Fakulteit Ingenieurswese (33%)]

*Tuisdepartement: Filosofie*

Metode van Assessering: Deurlopende Assessering

### **474 Filosofie en Etiek (12)**

*A+i (3.00 l, 3.00 p, 1.00 t, 0.00 s per week)*

*(3.00 l, 0.00 p, 1.00 t, 0.00 s per week in Semester 1), (0.00 l, 3.00 p, 0.00 t, 0.00 s per week in Semester 2)*

Eerste semester: Kultuur en tegnologie, toegepaste etiek, sosiale filosofie.

Tweede semester: Deelname aan spesifieke gemeenskapsprojekte of leierskapsopleiding verwant aan gemeenskapsdiensprojekte.

[Aangebied deur die Departement Filosofie (67%) en die Fakulteit Ingenieurswese (33%)]

*Tuisdepartement: Filosofie*

Metode van Assessering: Deurlopende Assessering

## **12998 FISIKA**

### **146 Voorbereidende Fisika (16)**

*A & E (3.00 l, 3.00 p, 0.00 t, 0.00 s per week)*

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc (Verlengde Graadprogram). Dit fokus op die aard van fisika en het die volgende temas as inhoud: meganika, elektromagnetisme, moderne fisika.

*Tuisdepartement: Fisika*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

## **59471 GEHALTEBESTUUR**

### **444 Gehaltebestuur (15)**

*E+i (2.00 l, 0.00 p, 3.00 t, 0.00 s per week)*

Definisies van betroubaarheid en instandhoubaarheid; betroubaarheidsbestuur; metodes en tegnieke van betroubaarheidsmodellering, -toedeling, -voorspelling en instandhoubaarheidsversekering; foutboomanalise; analise van falingsmodusse; gehaltebestuur; geskiedenis en agtergrond; ISO 9000; totale kwaliteitsbestuur; leierskap, 6-sigma; koste-oorewegings; kwaliteitoudits; eksperimentele ontwerp met Statistica.

*Tuisdepartement: Bedryfsingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Ingenieurstatistiek 314*

## **46167 GEHALTEVERSEKERING**

### **344 Gehalteversekering (15)**

*A+i (3.00 l, 0.00 p, 3.00 t, 0.00 s per week)*

Definisie van kwaliteit, metodes en tegnieke van gehalteversekering, statistiese prosesontwerp, steekproefneming. Beginsels van robuuste ontwerp. Formulerings van metrieke van stelselprestasie en gehalte. Identifisering van gehalteruisfaktore. Formulerings en implementering van tegnieke om die effekte van gehalteruis te verminder. Sintese en keuse van ontwerpkonsepte vir robuustheid.

*Tuisdepartement: Bedryfsingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Ingenieurstatistiek 314*

## **39667 GEOTEGNIEK**

### **324 Geotegniese Teorieë (15)**

*A+i (3.00 l, 1.00 p, 1.50 t, 0.00 s per week)*

Geotegniese grondeienskappe: partikelgrootte-analise, plastisiteit, grondklassifikasie, faseverhoudings, kompaksie. Grondwaterbeweging: deurlaatbaarheid, syferingsteorie, vloeiënte, filterontwerp. Effektiewe spanning: teorie van effektiewe spanning, spanning deur eie gewig en syfering. Elastiese spanningsteorie: spannings en onmiddellike versakkings as gevolg van oppervlaktebelasting. Konsolidasieversakking: versakking van kleigrond, tempo van versakking, totale en onmiddellike versakking.

*Tuisdepartement: Siviele Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*N Ingenieursgeologie 214*

### **354 Skuifweerstand, Keermure, Fondamente en Hellings (15)**

*A+i (3.00 l, 1.50 p, 1.00 t, 0.00 s per week)*

Skuifweerstand: skuifsteorie, skuiftoetse, skuifgedrag van sand en klei, spanningsroetes, poriedrukkoëffisiënte. Laterale gronddruk: grondruksteorieë, swaartekragkeermure, plaatmure. Dravermoë: vlakfondamente, eksentriese belastings, versakking op sand, heipale. Hellingstabiliteitsanalise: parallelle glip, sirkelvormige glip, metode van snitte, veiligheidsfaktore.

Praktikum: versakkingstoets in die oedometer.

*Tuisdepartement: Siviele Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*N Geotegniek 324*

*N Sterkteleer 224*



## 36315 GEVORDERDE ONTWERP (SIVIEL)

### 446 Ontwerpprojek (15)

*A & E (2.00 l, 6.00 p, 0.00 t, 0.00 s per week)*

Elke student moet 'n omvattende ontwerp voltooi. Die ontwerp kan uit enige van drie vakgebiede gedoen word. Die detailontwerp word individueel gedoen.

*Tuisdepartement: Siviele Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Projek

Vereiste Modules:

*Departementele goedkeuring*

## 14397 HIDROLOGIE

### 424 Benuttings- en Vloedhidrologie (15)

*A+i (3.00 l, 0.00 p, 2.50 t, 0.00 s per week)*

Stelselmatige oorsig van komponente van die hidrologiese kringloop, veranderlikheid van Suid-Afrika se klimaat, hidrologiese prosesse, bronne van data en die tipiese eienskappe van Suid-Afrikaanse data. Opgaringleweringsontledings: filosofie en konseptuele konteks, tydreeksdata, datavulling, menslike impakte op opvangsgebiede, waterbehoefes, opvangsgebiedmodelle. Droogtevloei-ontledings: tydreeksontledings, verstreekte inligting vir Suid-Afrika, ondergrondse waterbronne, wateraanvraagbestuur. Vloedontwerpmetodes (empiriese deterministiese en waarskynlikhede); uiterste vloede.

*Tuisdepartement: Siviele Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Hidroulika 354*

*V Ingenieurstatistiek 314*

## 14400 HIDROULIKA

### 324 Vloeleer en Pypstroming (15)

*A+i (3.00 l, 1.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Hidrostatika; druk en drukmeting; drukkragte en kragte op ondergedompelde voorwerpe; dryfkragte; beginsels van fluïede stroming; vloeioptrone; fundamentele vergelykings van vloedinamika; toepassing van die behoudswette tot fluïdes; toepassing van die energie en momentum vergelykings; snelheid en vloei meting; potensiaalvloei; egte en ideale vloei-stowwe; gedrag van egte vloei-stowwe; viskose vloei; stabiliteit van laminêre vloei en oorgang na turbulensie; skuifkragte in turbulente vloei; grenslaagteorie; implikasie van die grenslaagteorie; kavitasie; oppervlaktetspanning; vloei in pype en geslote voorwerpe; fundamentele beginsels van pypvloei; laminêre vloei; turbulente vloei; lokale drukverlies; gedeeltelik-vol pype; pypstelsels en -ontwerp; serie en parallelle pypstelsels; verspreidingsnetwerke; ontwerp van pompyne; hidrouliese masjiene; klassifikasie van masjiene; vloei in pompe; pompkeuse; turbines; kavitasie in masjiene; waterslag in pyplyne; waterslagvoorkoming; effek van klepsluiting; ongestadigde saampersbare vloei; komplekse probleme.

*Tuisdepartement: Siviele Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*S Ingenieurswiskunde 145*

*S Toegepaste Wiskunde B 154*

*V Toegepaste Wiskunde B 224*

### **354 Vryvlakstroming en Waterversorging (15)**

*E+i (3.00 l, 0.50 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Vryvlakstroming en vloeiklassifikasie; uniforme vloei; vinnig veranderende vloei; energie-behoud; hidrouliese sprong.

Momentumbehoud; kritiese diepte vloeimeters; geleidelik veranderende vloei; vloei-profiel-klassifikasie; stu-krommeberekening (direkte stapmetode en standaardstapmetode); onbestendige vloei; golwe in vryvlakleidings. Basiese waterchemie; basiese watermikro-biologie; waterkwaliteit; aard van suiweringsprosesse (besinking, filtrasie, koagulasie en uitvlokkings); beginsels van biologiese suiwering; aërobiese prosesse (aktiefslyk- en spjelbeddings); anaërobiese prosesse; ontsmetting; riolering en sanitasie.

*Tuisdepartement: Siviele Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Hidroulika 324*

*S Ingenieurschemie 123*

## **52124 HOËFREKWENSIETEGNIEK**

### **414 Hoëfrekwensietegniek (15)**

*A+i (3.00 l, 1.00 p, 1.00 t, 0.00 s per week)*

Die Smith-kaart en -toepassings; impedansie-aanpassingsnetwerke; versterkerontwerp; ossillatorontwerp; hoëfrekwensiestelsels; elektromagnetiese versoenbaarheid; elektrodinamika en straling; praktiese draadantennes; antenne-ontwerp; HF-meettegniek.

*Tuisdepartement: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Elektromagnetika 344*

## **51373 INGENIEURSBESTUUR**

### **454 Ingenieursekonomie en Professionele Praktyk (15)**

*A+i (6.00 l, 0.00 p, 1.00 t, 0.00 s per week)*

Ingenieursekonomie: basiese konsepte, tydwaarde van geld, verhouding tussen huidige, toekomstige en seriebetalings, kontantvloei. Ekonomiese analise, vergelyking en keuse tussen projek- en beleggingsvoorstelle, netto huidige waardes, interne rentabiliteit, koste/voordeel-moedelle, hantering van risiko. Lewenssiklus-koste, depresiasie en vervangingsbesluite. Ontwikkelingsfinansiering.

Professionele praktyk: Wet op die Ingenieursprofessie, die etiese kode, professionele registrasie en aanspreeklikheid. Strategiese bestuur. Praktykbestuur en besigheidsplanne. Ontwerp- en konstruksiebestuur, die rol van die kliënt. Volhoubaarheid.

Tenderdokumentasie. Arbeidsbetrokkinge en projekveiligheid. Ontwikkelingsprojekte. Infrastruktuurbatebestuur.

*Tuisdepartement: Siviele Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Projekbestuur 412*

## **49484 INGENIEURSCHEMIE**

### **123 Chemie vir Ingenieurstudente (15)**

*A & E (4.00 l, 0.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Basiese begrippe, eenhede en dimensies, beduidende syfers, omskakeling tussen eenhede-stelsels; komponente van materie, atoomstruktuur, die periodieke tabel en chemiese binding; stoïgiometrie; chemiese reaksies (suurbasis, neerslagvorming en redoks); eienskappe van mengsels en oplossings; chemiese ewewig; elektrochemie; gaswette, toestandsgrouthede en (T, P, V) verbande; termodinamika en termochemie; inleiding tot basiese ingenieurs-toepassings.

*Tuisdepartement: Prosesingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*N Ingenieurswiskunde 115*

## **18791 INGENIEURSEKONOMIE**

### **212 Ingenieursekonomie (8)**

*A+i (2.00 l, 0.00 p, 2.00 t, 0.00 s per week)*

Inleiding tot rekeningkunde: finansiering, belasting en uitbreiding van 'n onderneming. Inkomste-, balans- en kontantvloeiestate. Verhoudingsanalise.

*Tuisdepartement: Bedryfsingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

### **354 Ingenieursekonomie (15)**

*A+i (2.00 l, 0.00 p, 3.00 t, 1.00 s per week)*

Die fondsvloei siklus, tydwaarde van geld, verdiskonteerde kontantvloei, ekwivalensie en opbrengsmaatstawwe, nabelasting-kontantvloei-ontledings, inflasie en wisselkoerse. Die bedryfskapitaalkringloop, koste van kapitaal, kosteberekening, begrotings. Inleiding tot makro-ekonomie en die SA begroting.

*Tuisdepartement: Bedryfsingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Ingenieursekonomie 212*

## **59552 INGENIEURSGEOLOGIE**

### **214 Geologie vir Siviele Ingenieurs (15)**

*A+i (3.00 l, 3.00 p, 0.00 t, 0.00 s per week)*

Hierdie module verleen nie toelating tot Geologie 224, 244 en 254 nie.

Inleiding tot die Aardsisteem: interne struktuur, plaattektoniek; Kristallografie inleidend;

Mineralogie: fisiese eienskappe van algemene minerale; Petrologie: magma, stollings-, sedimentêre en metamorfe gesteentes; Strukturegeologie: strekking en helling van lae, plooië en verskuiwings, tektoniese vorms, foliasie, lineasie, geologiese kaartwerk.

Aangebied deur: Aardwetenskappe (50%) en Siviele Ingenieurswese (50%)

*Tuisdepartement: Aardwetenskappe*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Ingenieurschemie 123*

## **59560 INGENIEURSFORMATIKA**

### **244 Objekgeoriënteerde Programmering en Modelling (15)**

*A+i (3.00 l, 0.00 p, 2.50 t, 0.00 s per week)*

Grondbegrippe van die objekgeoriënteerde programmeringsmodel, algoritmes en datastrukture vir lineêre-algebra-toepassings en vir ingenieursmodelle, objekgeoriënteerde modellering van eenvoudige probleme.

*Tuisdepartement: Siviele Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Rekenaarprogrammering 143*

### **314 Objekmodellering van Fisiese Probleme (15)**

*A+i (3.00 l, 0.00 p, 2.50 t, 0.00 s per week)*

Randwaardeprobleme en integraalvorms vir fisiese probleme, Galerkin eindige-element-metodes vir die oplossing van hierdie probleme, oplossing van lineêre vergelykingstelsels, implementering van 'n eindige-element-objekmodel.

*Tuisdepartement: Siviele Ingenieurswese*

Metode van Assessering: Buigsame Assessering

Vereiste Modules:

*V Ingenieursinformatika 244*

*V Ingenieurswiskunde 252*

*V Toegepaste Wiskunde B 242*

## **59498 INGENIEURSTATISTIEK**

### **314 Ingenieurstatistiek (15)**

*A+i (3.00 l, 0.00 p, 2.50 t, 0.00 s per week)*

